# Kwa Sizabantoe Sending: 'n Prakties-Teologiese beoordeling van sommige aspekte van die Bestuurstruktuur

deur

**Jacobus Willem Greeff**

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

**Magister Theologiae**

In die vak

**Praktiese Teologie**

Aan die

**Universiteit van Suid Afrika**

**Studieleier: Prof J P J Theron**

**November 2003**

************************

# Opsomming

Vanuit sekere kwalitatiewe navorsingsmetodes, word 'n literatuurstudie van Kwa Sizabantoe Sending gedoen (KSB). Die rede is om 'n gefundeerde antwoord te vind vir die verskille in opinies oor KSB.

In Hoofstuk 1 word die probleem geskets en na die verslag van die Evangeliese Alliansie gekyk. Dan volg inligting oor die navorser sowel as die werkswyses wat gevolg word. Hoofstuk 3 gee 'n samevatting van die geskiedenis van KSB en die Stegen-familie. Hoofstuk 4 behandel die unieke literatuurbronne waaroor die navorser beskik.

Die Evangeliese Alliansie beweer dat daar 'n misbruik van bonatuurlike geestelike ervarings op KSB is. Die gevolg is elitistiese en paternalistiese optredes. Dit gee aanleiding tot interne spanninge en probleme. Hierdie bewering word in bespreek in Hoofstukke 5 – 7.

Hoofstuk 8 gee 'n opsomming en bespreking van die bevindinge. In Hoofstuk 9 word gepoog om 'n basisteorie te formuleer en om 'n oplossing voor te stel.

## Summary

## Kwa Siza Bantu Mission: a Practical-Theology research into some aspects of the management structure.

Using certain qualitative methods, a literature study is done on Kwa Siza Bantu Mission (KSB). The reason is to come to a conclusive answer to the difference in opinions with regards to KSB.

Chapter 1 gives an overview of the problem as well as the result of the inquiry of the Evangelical Alliance into KSB. Information on the researcher as well as his research methods follow. Chapter 3 is a summery of the history of KSB and the Stegen family. In Chapter 4 a review is made of the unique literature.

From Chapter 5 – 7 a statement of the Evangelical Alliance is discussed. The statement implies that the misuse of supernatural experiences, lead to paternalistic or elitistic methods resulting in tensions and divisions. Chapter 8 discusses the findings and Chapter 9 tries to formulate a base-theory and suggests some solutions to the problems of KSB.

## Keywords

Kwasizabantu, Mission, Erlo Stegen, Sect, Cult, Supernatural, Revival, Revelations, Prophecies.

# Inhoudsopgawe


**1: Die probleemstelling ........ 5**

**2: Inleiding en werkswyses ........ 8**

2.1: Persoonlike inligting ........ 8

2.2: Werkswyses ........ 10

2.3: Samevatting ........ 13

**3: 'n Oorsig oor die geskiedenis van Kwa Sizabantoe Sending ........ 14**

3.1: Die Stegen familie se koms na Suid Afrika ........ 14

3.2: Anton Engelbrecht se invloed ........ 16

3.3: Die "uitstorting" van die Heilige Gees te Mapumulo ........ 18

3.4: Die ontstaan van KSB ........ 19

3.5: Die praktiese situasie soos teen 1994 ........ 20

3.6: Die kerklike situasie soos teen 1994 ........ 22

**4: Die Navorsingsbron oor Kwa Sizabantoe Sending ........ 24**

4.1: Inleiding ........ 24

4.2: Die onbekende dokumente ........ 25

4.3: Audio Kassette ........ 38

4.4: Artikels soos dit in die openbare media verskyn het ........ 41

4.5: Samevatting ........ 43

**5: Die invloed van Bonatuurlike Geestelike Ervarings ........ 45**

5.1: Inleiding ........ 45

5.2: KSB se standpunt ........ 46

5.3: Die standpunt van andere ........ 49

5.4: Audio Kassette ........ 60

5.5: Samevatting ........ 61

**6: Paternalistiese, absolutistiese en elitistiese uitsprake en optredes .......... 63**
6.1: Inleiding .......... 63
6.2: KSB se standpunt .......... 63
6.3: Die ander standpunt .......... 65
6.4: Berigte in die media .......... 80
6.5: Samevatting .......... 82

**7: Probleme en skeurings .......... 84**
7.1: Inleiding .......... 84
7.2: KSB se standpunt .......... 84
7.3: Die standpunt van andere .......... 85
7.4: Berigte soos dit in die media verskyn het .......... 91
7.5: Samevatting .......... 95

**8: Bespreking en Samevatting .......... 97**
8.1: Oorsig .......... 97
8.2: Bevindings .......... 98
8.3: Bespreking .......... 101
8.4: Samevatting .......... 103

**9: 'n Basisteorie oor die probleme op KSB? .......... 106**
9.1: Die situasie .......... 106
9.2: Die problem .......... 107
9.3: Die teorie .......... 108
9.4: 'n Moontlike oplossing? .......... 111

**10: Bibliografie .......... 113**

# 1 Die Probleemstelling

Sondagoggend die 6de Februarie 2000 se hoofopskrif van die *Sunday Tribune* skree dit uit: "Mission of Malice!". Kolomme vol van aantygings van bedrieërye, misbruike van mag, wanvoorstellings van die waarheid, doelbewuste misleidings, geheime fondse, ensovoorts, skud Kwa Sizabantoe Sending[1] (In vervolg: KSB). In die daaropvolgende weke publiseer verskeie ander tydskrifte ook artikels in 'n maalstroom van aantygings totdat die Evangeliese Alliansie van Suid Afrika genoodsaak voel om die situasie te ondersoek en 'n verklaring daaroor aan die media uit te reik.

Die waarskuwingsklokke lui nog harder as die Evangeliese Alliansie (in Junie 2000:para 5.4) se verslag die lig sien: "Kwa Sizabantoe het verval tot 'n sekte met gevaarlik kultiese neigings". Intussen verlaat groot getalle leiers, lidmate en selfs hele gemeentes KSB. Hierin neem die Europese gemeentes van KSB die voortou maar kort daarna volg die Suid-Afrikaanse gemeentes toe elf selfstandige gemeentes wegbreek van KSB.

Die verhaal van KSB is welbekend en vele teoloë het al studies gemaak oor die oorsprong en werkwyses daarvan onder andere Van Rooy (1978); Botha & Dick (1980); Müller (1981); Kitshoff & Basson (1985); Oosthuisen (1985); Du Toit (1986) en Hugo (1988) Die mees prominente van die teoloë was seker Prof. Kurt Koch met die meer as 9 boeke wat hy die lig laat sien het oor KSB. Daarvan was *God amongst the Zulus* (1981) die mees bekende boek wat in verskeie tale vertaal is en ook in Afrikaans verskyn het onder die titel *Herlewing onder die Zoeloes.* Dan was daar ook die paar artikels en boekies van Prof. Koos van Rooy van die Gereformeerde Kerk en Prof. Mike Kitshoff van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. (In vervolg: NGK)

[1] Die naam Kwa Sizabantoe is gekies omdat dit die bekende Afrikaanse spelling van die naam is en ook so in die vorige navorsings in Afrikaans gebruik is. Die Zoeloe spelling is Kwasizabantu. Die Engelse spelling is Kwa Sizabantu of soms Kwa Siza Bantu. Die Zoeloes

Die vraag kom onwillekeurig op: As die situasie te KSB dan reeds so dikwels ondersoek en beskrywe is, wat is die sin van nog 'n beskrywing? Wat opvallend is, is die oorweldige positiewe verslae en die meegaande aanvaarding van KSB in die geledere van die evangelies-gesinde kerke. Die golf van negatiewe beriggewings vanuit die sekulêre media is egter in stryd daarmee. Waarom die groot verskil in beskouings of is daar inligting waarvan die sekulêre media weet wat vir die teologiese navorsers verborge was? Die vraag is: Steek daar regtig waarheid agter die berigte en gerugte of is die media maar net op 'n heksejag uit?

Hierdie skripsie is 'n beskeie poging om hierdie vraag te beantwoord.

Die Evangeliese Alliansie se verslag aangaande KSB (EA 2000:4.1) maak hierdie treffende stelling:

> Volgens die getuienisse het mev Hilda Dube in die verlede ervarings van sinsverrukking belewe waartydens sy 'boodskappe van God' ontvang het en mnr. Erlo Stegen het dit as outentiek aanvaar en so aan die gemeente deurgegee. Die Paneel beskou dit as uiters subjektief en totaal onaanvaarbaar volgens bybelse norme.
> Weens die sogenaamde ervaring van 'herlewing; wat begin plaasvind het in 1966 reeds, het die leierskap van KSB hierdie subjektiewe ervarings verabsoluteer en Nuwe Testamentiese voorskrifte begin misken. Sodoende het hulle die grense van christelike leierskap en gesag ernstig begin oortree en die bybelse aanbevelings verbreek. KSB funksioneer hopeloos te veel in isolasie en verabsoluteer hulle eie 'openbarings'. Gevolglik is daar 'n misbruik van outoriteit en skep hulle 'n sub-kultuur van vrees, beheersing en manipulasie.

Hiervolgens blyk dit dat Erlo Stegen so oorstelp was met die unieke, bonatuurlike ervarings van die "herlewing", dat hy hierdie subjektiewe

---

verwys dikwels net na Sizabantu en die Afrikaners na Kwa Siza. Hoe dit ook al sy, alle spellings verwys na die sendingstasie of sendingorganisasie wat deur Erlo Stegen begin is.

ervarings totaal oorbeklemtoon het. Dit was net 'n klein stap verder om hierdie subjektiewe ervarings te verabsoluteer en as normatief in sy lewenswêreld te beskou. Binne die groter raamwerk van sy familie, sy bediening, KSB as kerklike instansie en in sy verhouding met die kerk in algemeen, gee dit aanleiding tot allerlei paternalistiese, absolutistiese en elitistiese uitsprake en optredes.

Die genoemde aanhaling uit die verslag van die Evangeliese Alliansie openbaar volgens my die wortel van die probleem. In hierdie skripsie wil ek betoog dat KSB inherent 'n probleem ondervind met sommige aspekte van sy bestuurstyl en dat hierdie aspekte aanleiding gee tot die huidige probleme waarvan die media korrek berig gee. Om die aanhaling van die Evangeliese Alliansie te ondersoek gaan ek gebruik maak van "unieke bronne" van literatuur wat in my besit is en gaan ek die literatuur analiseer, groepeer en ontleed in die volgende drie hoofopskrifte nl:

Bonatuurlike geestelike ervarings,
Paternalistiese, absolutistiese, elitistiese uitsprake en optredes,
Allerlei probleme en skeuringe.

# 2 Inleiding en werkswyses

## *2.1 Persoonlike inligting*

Ek het grootgeword in 'n ouerhuis waar sukses 'n belangrike rol gespeel het. Alhoewel ons lidmate van die NGK was, het ons die kerk baie ongereeld besoek. My vader was 'n vooraanstaande en suksesvolle wynboer wat op verskeie rade en kommissies gedien het. Gedurende my Nasionale Diensplig in 1975, het my ouers se huwelik onherstelbaar verbrokkel. Te midde van hierdie *kairos*, het ek tot bekering gekom en kort daarna ervaar dat ek geroepe is tot "hoër" diens. Ek het die Bybelskool van die Afrika Evangelisasie Bond vir 'n paar maande gedurende 1977 bygewoon. My gevoel was dat die wederkoms van die Here Jesus so immanent was dat ek nie my tyd kon mors met jarelange akademiese studies nie. Ek was baie krities op die algemene "koudheid" in die NGK en die Kweekskool te Stellenbosch. Terwyl ek student was, het ek my weer laat doop en het ek 'n "tweede genadewerk" belewe, met gepaardgaande *glossolalia*. In Mei 1977 het ek op KSB in Natal begin werk.

Ek was die eerste Afrikaanssprekende medewerker op KSB. Aanvanklik het ek van die boerdery belange van KSB behartig en daarna die meganiese werkswinkel begin. In 1978 is ek met Estelle Stegen getroud. Destyds was sy die enigste blanke meisie wat deel was van die medewerkerskoor en het sy baie hoë aansien op KSB geniet. Sy was die persoonlike lyfbediende vir die "Mamas" en was ook hulle motorbestuurder. (Latere hoofstukke verskaf meer inligting rondom die "Mamas"). Estelle is die derde dogter van Friedel en Rita Stegen. My skoonpa is die oudste van die ses Stegen kinders en is 'n baie suksesvolle sakeman. Hulle woon op KSB en hy is verantwoordelik vir die werk van KSB in Europa en Australië. Behalwe Estelle, was hulle kinders Naomi (later getroud met Trevor Dahl) en Arno Stegen, ook medewerkers op KSB.

Al vyf ons kinders is gebore op KSB. Ek was betrokke by baie projekte van KSB en vele daarvan kon ek suksesvol deurvoer. So stadigaan het ek geklim in die hiërargie van KSB totdat ek deel van die derde-vlak bestuurssirkel was. Ons was ongeveer 20 persone op die vlak waarvan ek die enigste Afrikaanssprekende was. Trouens, daar was geen Afrikaanssprekende persoon hoër in die hiërargie, as ek nie.

Behalwe dat ek meer verantwoordelikhede begin kry het, het ek ook dikwels gepreek en op evangelisasie-veldtogte gegaan. Ek het Europa twee keer besoek op uitgebreide veldtogte wat verskeie Wes-Europese lande ingesluit het. Ek het Swaziland en Namibië dikwels besoek en Botswana, Zambië en Zimbabwe het ek elk eenkeer besoek.

Op ongeveer 37-jarige ouderdom, het ek eers werlik begin studeer. Ek het tien jaar tevore doelbewus teologie begin lees. Hier verwys ek veral na die werke van Andrew Murray, Watchmen Nee, Charles Finney, Charles Spurgeon, Martin Luther en Johannes Calvyn. Teen die tyd dat ek KSB in 1994 verlaat het, was ek beslis krities op die teologiese begrondings van die Pinkster- en Piëteitsbewegings. In 1994 het ons KSB permanent verlaat en ons in die distrik van Klawer, in die Wes-Kaap gevestig. Ons is nou lid van en aktief betrokke by die NGK op Klawer waar ek ook maandeliks twee preekbeurte het.

Sedert 1997 het oud-lidmate of oud-medewerkers van KSB my begin kontak vir hulp en berading. Heelwat van hulle het dan ook geruime tyd by ons op ons plaas, "De Brug" deurgebring. Algaande het ek tot die besef gekom dat my persoonlike belewenisse met KSB nie uitsonderlik of uniek is nie maar dat dit 'n soort van algemene verskynsel is. Sodoende het ek begin om alle korrespondensies noukeurig te bewaar en gepoog om dit sinvol te orden. Nadat ek gehoor het van selfmoorde, senu-ineenstortings, egskeidings en allerlei psigiese steurings, het ek tot die besef gekom dat daar iets drasties verkeerd is op KSB.

Deur die jare het ek baie pogings aangewend om met my skoonpa of met Erlo Stegen persoonlik te kommunikeer rondom vermeende vergrype of onregmatige optredes van die leierskap van KSB. Dit het elke keer op misverstande uitgeloop en tot groter spanning tussen ons gelei.

Hierdie skripsie is 'n poging om op verantwoordelike wyse verantwoording te doen oor die bevindings en om 'n antwoord te probeer vind op die vraag: Wat het dan verkeerd gegaan op KSB?

## *2.2 Werkswyses*

Die grootste vrees is natuurlik hoe om verantwoordelik met al die data tot my beskikking om te gaan, siende my intense betrokkenheid met KSB. 'n Verdere vrees is hoe om nie noodsaaklike inligting uit te laat nie omdat dit te na aan my persoonlike familie kom. Gelukkig dat Browning (1990:57) hierdie vrese so besweer het: "Practical theology must include the personal experience and the practices of the interpreter and the individuals in his or her actual audience. However, always in dialogue with both the wider cultural experience and normative Christian meanings and practices."

Dus sal ek my eie bevindinge en opinies probeer spieël teen dié van 'n breëre Christelike gemeenskap. Skoldberg (2000:1) meen dat die navorser goed doen deur altyd te besin oor sy/haar bevindinge en die bevindinge self ook toe te laat om sy/haar insigte en opinies te beïnvloed. Met ander woorde, om te besin oor jou besinninge. Ek is bewus daarvan dat my insigte en opinies rondom KSB sal verander en dat dit my ook sal verander.

Browning (1991:48) beskryf die taak van praktiese teologie as verskillende bewegings waarvan die eerste is om die situasie so noukeuring moontlik te beskrywe. Ek gaan hierdie "eerste beweging" van die noukeurige beskrywing

van KSB, net kortliks behandel in hoofstuk 3 aangesien dit reeds soveel kere deur vorige navorsers breedvoerig beskrywe is.

Van die drie bekendste navorsings in Afrikaans, is dit opvallende dat al drie vanuit 'n oorwegend kwantitatiewe oogpunt na KSB gekyk het soos Hugo(1988:4) dit ook erken. Met "oorwegend kwantitatief" bedoel ek dat daar in die algemeen inligting verskaf word in die vorm van lyste en gegewens. Hierdie lyste bevat hoeveelhede van preekpunte en buiteposte, voertuie, lidmaatgetalle, ekonomiese bedrywighede, evangelisasie veldtogte, ensovoorts.

Hierdie navorsings het die oënskynlike waarheid rondom KSB berig. Al die bevindinge is baie positief oor KSB, met lang lyste van data om dit te boekstaaf. Kyk ons egter na die negatiewe media artikels wat oor KSB verskyn het, moet daar 'n kant wees wat nie met hierdie algemeen of oorsigtelike navorsings geopenbaar is nie.

Dingemans (1996:89) stel dit so: "Human acts are manifestations of thoughts, perceptions, interpretations, values and assessments that lie behind the acts and religion has to do with these background data, which empirical research is not able to reveal." Ons moet dus soek na instrumentaria wat 'n interaksie tussen die teologie en empiriese data bewerkstellig om dieper te kan delf en sodoende by die wortel van die probleem te probeer kom.

Ammerman (1998:31) maak baie bruikbare voorstelle vir die bestudering van gemeentes onder andere: "Implicit theologies are fragments of theologies that inform the congregation's life but are not acknowledged or overtly expressed. They may be only half-formed and only present in certain sectors of congregation. They are frequently at odds with the explicit, official theology of a congregation and are sometimes harder to name and analyze."

*Die belangrikste werkswyse sal dus wees om na die geïmpliseerde teologieë van KSB te soek, dinge wat hulle ontken of self nie eens bewus van is nie maar wat baie beslis kragtig funksioneer in hulle beskouinge en optredes.*

Bryman & Burgess (1999:51) maak die opspraakwekkende stelling dat kwalitatiewe navorsing die vermoë het om "verborge, verswygde en onwettige optredes" openbaar te maak. Siende dat daar in die openbare media berigte verskyn het van "verborge, verswygde en onwettige optredes" voel ek dat dit noodsaaklik is om van sekere werkswyses van kwalitatiewe navorsingsmetodes gebruik te maak. Hulle (1999:36) lys die elemente van kwalitatiewe navorsing so:

1: Relationship between researcher and subject is close.
2: Researchers stance is of an insider.
3: Relationship between theory and research is emergent.
4: Research strategy is unstructured.
5: Scope of finding is ideographic.
6: Image of social reality is processual
7: Nature of data is deep. *(Eie verwerking)*

Marshall & Rossman (1995:148) stel die volgende oorsiglys voor om kwalitatiewe navorsing se gehalte te bepaal nl:

1: The method is explicit in detail.
2: Assumptions are stated.
3: The researcher guards against value judgement.
4: There is abundance evidence of raw data.
5: The research questions are stated.
6: The relationship between this study and previous studies is explicit.
7: The report acknowledge the limitations of generalizability.
8: Observations are made from a full range of activities.
9: Data are preserved and available for reanalysis.
10: The study is tied into a bigger picture; setting and history.

Eerstens is dit duidelik dat daar genoeg instrumentaria is om te bepaal of kwalitatiewe navorsing empiries betroubaar is al dan nie. Tweedens dat daar voldoende handleiding bestaan waarvolgens dit afgehandel kan word.

Alhoewel ek 'n literatuurondersoek van KSB gaan doen, voel ek tog dat ek meer kwalitatief te werk moet gaan om hierdie ondersoek 'n "dieper" inslag te gee. Hiermee bedoel ek dat ek doelbewus sekere kwalitatiewe werkswyses sal inkorporeer in 'n poging om meer gestruktureerd en verantwoordelik om te gaan met die data tot my beskikking. Hier verwys ek veral na die voorstelle of elemente soos in Marshall & Rossman (1995) en Bryman & Burgess (1999) se aanhalings hierbo.

## *2.3 Samevatting*

Die unieke posisie waarin ek vir amper 17 jaar verkeer het en weens die uitgebreide navorsingsbron wat in my besit is, plaas dit my in 'n bevoorregte posisie om as "insider" (*a la* Bryman & Burgess.1999) na KSB te kyk. Dit vergemaklik die taak om die geweldige ineengestrengelde familiebande en gebeurtenisse beter te verstaan en stel my instaat om die verborge, maar geïmpliseerde teologieë, agter die optredes van KSB te begryp en te interpreteer.

Vele van die optredes en reaksies van die leierskap van KSB is vir die gewone navorser onverstaanbaar soos Yves van der Haagen in die *Natal Witness* van 5 Feb 2000 so duidelik openbaar. Maar soos Dingemans (1996:89) reeds gesê het, plaas dit die teologie in die bevoorregte posisie om die situasie teen die "agtergrond data" te kan verstaan en interpreteer.

My hoop is dat hierdie skripsie sal help om iets te openbaar van presies wat op KSB aan die gang is.

# 3 'n Oorsig oor die geskiedenis van Kwa Sizabantoe Sending

Soos reeds in Hoofstuk 1 genoem is, is die geskiedenis van KSB reeds verskeie kere meer volledig beskrywe en hierdie is geen poging om dit te herhaal nie. Dit is eerder 'n poging om inleidende of opsommende inligting te verskaf waarteen hierdie skripsie beter verstaan kan word.[2]

Die verhaal van KSB is onlosmaaklik die verhaal van Erlo Stegen siende dat hy die sending begin het en steeds aan die hoof daarvan staan. Voeg daarby dat sy oudste broer, Friedel en sy broerskind, Arno saam met hom deel uitmaak van die trustees wat KSB offisieël bestuur. Dit beklemtoon die belangrikheid van die Stegen familie in die algemeen in die ontstaan en bestuur van KSB.

## *3.1 Die Stegen familie se koms na Suid Afrika*

Die rede van die Stegen familie se koms na Suid Afrika, gaan terug na die bediening van Ludwig Harms (ook genoem Louis Harms) in die dorpie Hermannsburg in die noorde van Duitsland.[3] Op 2 Desember 1844 word hy bevestig as hulpleraar in die Evangelies-Lutherse gemeente in die eenvoudige landelike gemeenskap waar sy vader reeds sedert 1817 die leraar was. Gedurende 1848 skenk die Here 'n kragtige herlewing in die bediening van die pa en seun en gedurende 1849 word die Hermannsburgse Sendinggenootskap gestig. Tesame met sy broer Theodor, begin hulle 'n Sending Instituut waar hulle op die 13de Oktober 1849 met die opleiding van die eerste twaalf

[2] Die volgorde van hierdie Hoofstuk volg min of meer die audiokasset opname van Erlo Stegen se vertelling van die verhaal van die "herlewing". Die audiokassette "Herlewing onder die Zoeloe 1&2" word bespreek in Hoofstuk 4.3.2

[3] Vir meer oor Louis Harms en sy bediening tussen die arm veeboere van die heideland van Duitsland, kyk na Pagel.1867.

studente begin. Die kursus van 4 jaar het benewens teologiese vakke, ook verskeie praktiese of handvaardige kursusse aangebied. Die studente was goed onderrig om die praktiese oprigting en instandhouding van sendingstasies te kan hanteer. Terwyl die studente nog besig was met hulle studies, begin die Evangelies-Lutherse gemeente op Hermannsburg met die bou van hulle eie "sendingskip" wat dan ook op die 27ste September 1853 in gebruik geneem word en die "Kandaze" gedoop word.[4]

Volgens oorleweringe in die Stegen familie, was hulle voorouers arm veeboere in die omgewing van Hermannsburg. Wanneer en hoe hulle aktief by die werksaamhede van die Hermannsburgse Sendinggenootskap betrokke geword het, is onbekend. Met tipiese Duitse pragmatisme, word die eerste groepie van 16 "sendelinge" saamgestel uit 8 studente van die Sending Instituut en uit 8 "koloniste" wat uit gewone lidmate van die gemeente bestaan het. Op die 20ste Oktober 1853 vertrek hulle vanuit Hamburg in Noord-Duitsland, om die hawe van Durban in Natal, kort na die begin van 1854 te bereik. Ongeveer een jaar na hulle vertrek vanuit Duitsland, vestig die groepie van sestien hulle op die plaas "Perseverance" in die distrik van Greytown in die Natalse Middellande. Hulle hernoem dit "Hermannsburg" na die gemeente van hulle afkoms en begin onmiddellik met die oprigting van 'n sendingstasie.

Oosthuizen (1985:14) beweer dat Heinrich Stegen en sy vrou Catharina (gebore Rieckman) reeds in 1883 in Natal aangekom het as koloniste-boere vir die Hermannsburgse Sending. Wat hulle presiese opdragte en werksplaas was, is onbekend. Teen die tyd dat hulle seun Carl Friederich Stegen gebore is op die 2de September 1901, was die familie reeds woonagtig op die plaas

---

Daar word ook kortliks verwys in Kitshoff & Basson.1985; Oosthuizen.1985 en Du Toit.1986 na Louis Harm en die Hermannsburgse Sending.

[4]Die naam "Kandaze" verwys na die hofdienaar van die koningin van Etiopië wat onder die bediening van Filippus tot bekering gekom het en toe na Afrika terug gekeer het met die Evangelie-boodskap soos opgeteken in Hand 8:26 – 39. Met die benaming van die seilskippie, wou Harms die belangrikheid van Afrika as sendingopdrag van sy gemeente aandui.

"Paardefontein" in die distrik van New Hanover. Die plaas is steeds in die familiebesit en Erlo se jongste broer, Manfred, boer daarop.[5]

Seker die belangrikste persoon in die vorming van Erlo Stegen, was sy diep vrome moeder, Minna Louise Irmgard (gebore Witthöft). Die Witthöft familie as geheel was baie vroom en intense betrokkenheid by kerklike aktiwiteite soos wat die persoonlike getuienis van Anton Engelbrecht (1967) dikwels getuig. Vanuit die huwelik van Carl en Irmgard, is 5 seuns en 1 dogter gebore. Erlo, die vierde seun, is op die 2de Maart 1935 gebore. Op ongeveer drie-jarige ouderdom het hy vanaf die kraalmuur geval en ernstige harsingsskudding opgedoen (Du Toit.1986). Sy hele jeugjare was hy gepla met hoofpyne en allerlei siektes soveel so dat hy min skoolopleiding ontvang het.[6]

## *3.2 Anton Engelbrecht se invloed*

Gedurende 1945, word Anton Engelbrecht bevestig as die leraar van die Evangelies-Lutherse gemeente te Lilienthal waar die Stegen gesin lidmate was. Engelbrecht was 'n begaafde man met 'n wonderlike intellek en vele talente (vgl. Kitshoff & Basson.1985) en onder sy bediening breek daar in 1948 'n herlewing uit in die klein landelike gemeentetjie. Hier kom ook Erlo tot bekering en kort daarna ervaar hy dat die Here hom roep tot die sendingveld.

Intussen het Anton Engelbrecht die gemeentebediening verlaat en 'n Bybelskool in Pretoria begin. Hier was Erlo 'n student vanaf 1952 tot die einde

[5] Manfred was tot in Junie 1993 baie aktief betrokke met die werksaamhede van KSB. Weens die huwelik van sy dogter, Lynn, met Dr. John Giessing, het daar 'n ernstige meningsverskil tussen Manfred en Erlo ontstaan en het Manfred en sy hele gesin die gemeente van KSB verlaat. Sedertdien is Manfred en gesin aktief betrokke by die Evangelies-Lutherse gemeente op Harburg waar Manfred ook soms as leke-prediker optree. Manfred is huidig in besit van baie van die oorspronklike familie-korrespondensies en is besig om die geskiedenis van die Stegen familie na te vors. Hy kan gekontak word by: Posbus 8, Dalton, 3470. Tel 033 - 5041303. Sel 082 - 7812591.

van 1954. Teen 1955 het verskeie van die vorige lidmate van die Lilienthal gemeente Anton Engelbrecht oortuig om terug te keer na Natal en so ontstaan die inter-kerklike groep "Claridge Bibel Haus, Heilig dem Herrn" net buite Pietermaritzburg in Natal. Erlo word beroep as een van die sendelinge om tussen die Zoeloes te arbei.

Vanaf 1955 tot die einde van 1966 arbei Erlo onder die vaandel van die organisasie van Anton Engelbrecht. Die organisasie het intussen geweldig uitgebrei met heelwat sendelinge wat tot sover as Welkom in die Vrystaat en Krugersdorp aan die Wesrand onder die swart mynwerkers besig was met sendingwerk.[7] Volgens Du Toit (1986.29) was daar teen 1960 reeds 14 "buite-stasies" onder die vaandel van Claridge Bibel Haus.

Gedurende 1964 besoek Dawid du Plessis, 'n bekende in die Pinksterbewegings, Claridge Bibel Haus en na die reeks dienste, ontstaan daar spanning in die gemeente. Sommige van die lidmate het gevoel om die volle pad van Pinksterbeweging te gaan en openlik met hulle te assosieer terwyl andere gevoel het dat daar meer 'n "Evangelies-Lutherse" pad gevolg moes word.[8] Intussen het Engelbrecht ook 'n buite-egtelike verhouding begin met 'n sekere weduwee Witthöft. Teen die einde van 1966 kom al hierdie spanninge tot 'n spits en moes Anton Engelbrecht die leierskap van Claridge Bibel Haus afgee en neem hy 'n beroep na 'n gemeente in Switserland aan.

---

[6] Volgens Ooshuizen (1985.14) het hy slegs sy laerskoolopleiding voltooi. Du Toit (1986:35) noem dat hy aan die begin van sy standard 7 jaar, 'n "ineenstorting" belewe het en dat hy op die aanbeveling van 'n mediese dokter, die skool verlaat het.

[7] In sy persoonlike getuienis gee Engelbrecht baie sinvolle inligting rondom die ontstaan en ontwikkelling van Claridge Bibel Haus (Engelbrecht.1967). Kyk ook na die waardevolle inligting wat Erwin Redinger verskaf rondom Engelbrecht in Hoofstuk 4.2.11.

[8] Kitshoff & Basson (1985) berig so skraps van hierdie probleme. In sy persoonlike brief aan sy suster verwys Peckham (Hoofstuk 4.2.5) meer volledig na die krisis in die gemeente en spesifiek na die outoritêre leierskapstyl van Anton Engelbrecht.

### *3.3 Die "uitstorting van die Heilige Gees" te Mapumulo*

Teen die einde van 1966 bevind Erlo hom in die klein dorpie Mapumulo in Zoeloeland waar sy oudste broer, Friedel en sy gesin woonagtig was. Volgens sy eie getuienis (Audiokasset – *Herlewing onder die Zoeloes. 1&2*) was hy baie depressief en wou hy die bediening verlaat en saam met Friedel in besigheid gaan. Dit was asof al die skeuringe en probleme van Claridge, maar ook die hartvogtigheid en onverskilligheid van die Zoeloes, vir hom te veel was. Aan die begin van Desember 1966 roep hy toe die klompie Christene wat woonagtig was in die omgewing van Mapumulo, byeen vir 'n tyd van self-ondersoek, afsondering, bybelstudie en voorbidding. Twee keer per dag lei Erlo die byeenkomste en neem hy verskillende gedeeltes uit die boek Handelinge as onderwerp van bespreking. Iewers in Februarie 1967, belewe die groepie gelowiges 'n bonatuurlike ervaring toe daar een oggend met die byeenkoms, meteens die magtige gewaai van wind gehoor word en almal bewus word van 'n vreemde gevoel van warmte in hulle binneste. Sommige van die teenwoordiges, begin in vreemde tale (*glossolalia)* praat. Later daardie dag kom die eerste towenares kragdadig tot bekering. Dit was die begin van die "herlewing" van KSB.

Die enkele "soekers" het binne weke aangegroei tot 'n stoom van soveel as 200 – 300 mense wat soms per dag by Friedel se huis opgedaag het om geestelike hulp te soek. Erlo moes dadelik hulp kry om die situasie te hanteer. Op een of ander stadium in daardie jaar, is hy ook verkies as leier van die werk van Claridge Bibel Haus en daarna het verskeie sendingwerkers van hierdie organisasie na Mapumulo gekom om Erlo by te staan.[9]

---

[9] Erwin Redinger en sy gesin spandeer ongeveer 18 maande daar voordat hy iewers in 1969 na Harding in Suid-Natal verhuis. So ook word Nataniël Ximba, Obed Mbambo en Fanuel Nsibande gevra om te help met die werksaamhede op Mapumulo. Erwin Redinger (Hoofstuk 4.2.11) verskaf baie waardevolle inligting rondom die vroeë dae van die herlewing.

## *3.4 Die ontstaan van KSB*

Teen die begin van 1970, het die woning van Friedel te beperkend geword vir die werksaamhede van Erlo en sy span. Gedurende daardie jaar koop sy broer Bodo Stegen, die plaas "Jammerdal" van die Maharaj familie van Stanger. Die plaas is ongeveer 15 kilometer vanaf Mapumulo en in die distrik van Kranskop geleë. Omdat dit 'n grensplaas is, was dit baie meer geskik vir die werksaamhede van Erlo en sy span want dit gee onbeperkte toegang vir beide swart- en witmense.[10] Bodo gee aan Erlo ongeveer 10 hektaar grond waarop Erlo 'n sendingstasie kon bou. Op 'n nabygeleë heuwel was daar 'n algemene handelaar wat ook 'n posagentskap gehad het. Die naam van die posagentskap was Kwa Sizabantu wat in Zoeloe beteken: "Die plek waar mense gehelp word." Erlo en sy span besluit toe om die sendingstasie na die posagentskap te vernoem.

Tot in April 1977 was KSB se werksaamhede min of meer beperk tot sendingwerk onder die Zoeloes. Gedurende die Paasnaweek van 1977, kom die eerste groot groep blanke-besoekers daar aan. Baie van hulle was studente aan die Universiteit van Potchefstroom. Terselfdertyd was daar ook groepe vanuit die "Revail" beweging aan die Witwatersrand, wat KSB begin besoek het. Sodoende het KSB "oop deure" gevind vir nuwe "sendingvelde" in veral die Afrikaanssprekende blanke kerke. Vanaf 1980 het Prof. Kurt Koch ook gereëld groepe Europeers begin bring vii lang besoeke aan KSB. Deur die toedoen van Koch, kon KSB toegang kry in veral die Duitssprekende gedeeltes van Europa.

Sedert die bonatuurlike ervaring van die "uitstorting van die Heilige Gees" te Mapumulo, het KSB ongelooflik ontwikkel met honderde voltydse medewerkers dwarsoor die wêreld. Die aktiwiteite op die sendingstasie het ook sodanig

uitgebrei dat teen die middel van die 90'r jare, Bodo die hele plaas aan KSB oorgemaak het.[11]

## *3.5 Die praktiese situasie soos teen 1994*

Ten tye van die begin van die skeurings op KSB, dis nou die tydperk wat spesifiek binne die bestek van die skripsie val, was daar ongeveer 250 voltydse medewerkers op KSB. Hierdie was onbetaalde personeel wat geroepe voel tot een of ander "geestelike" bediening. Dan was daar die gewone personeel wat vergoeding ontvang het. Behalwe die "geestelike" bedienings van KSB, was daar ook vele ander praktiese werksaamhede op die sendingstasie. Dit sluit onder andere in:

1: Die "Domino Servite" skool wat vanaf voorskool tot matriek strek en waar daar ongeveer 400 leerlinge is. Die meeste van die skoolkinders was destyds in groot slaapsale gehuisves.

2: Die "Cedar Kollege" waar onderwysers opgelei was in samewerking met die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderrig. Destyds was daar ongeveer 20 voltydse studente.

3: Die "Tabita" sentrum vir volwasse onderrig.

4: Die private radiostasie "Radio Kwezi" wat in 4 tale uitsaai en wat destyds 18 ure per dag aktief bedryf was.

---

[10] Destyds het die Apartsheids-wetgewing witmense verbied om "tuislande" te besoek en net so moes swartmense passe kry om in blanke gebiede te kon kom. Die oplossing was dus 'n grensplaas waar almal vrylik kon kom.

[11] Of dit 'n skenking of direkte verkoping teen verminderde prys, is onbekend. Ek weet wel dat Bodo verontreg voel deur Erlo en KSB se optredes teenoor hom. Bodo en sy hele gesin was baie aktief betrokke by die aktiwiteite van KSB. Teen die middel van 1993 het Bodo ongelukkig begin word oor verskeie optredes van Erlo en het hy tesame met Manfred die gemeente van KSB verlaat. Bodo boer nou in die distrik van Stanger aan die Natalse Noordkus en kan gekontak word by: Posbus 22, Kearsney, 4453. Tel. 032 - 44837539

5: Die "CFT" organisasie (Christians for Truth) met eie volwaardige drukpers, kantore en inligtingssentrum en met wêreldwye lede en 'n hele netwerk van streekskantore.[12]

6: Die "Doctors for Life" organisasie met eie kantore en inligtingssentrum.[13]

7: Die "True Love Waits" organisasie wat ten doel stel om jongmense aan te moedig om seksuele onthouding toe te pas tot en met hulle huweliksluiting. Die organisasie het ook 'n wêreldwye lidmaatskap.

8: Die "Silwerstreams" melkery en verwerkings-aanleg waar topgehalte melkprodukte geproduseer word wat op die vrye mark verkoop word.

9: Die "Aquelle" bottellerings-aanleg waar verskeie water-gebaseerde produkte geproduseer en verwerk is. Volgens onbevestigde gerugte is "Aquelle" die derde grootste water-gebaseerde naam in die Suid-Afrikaanse mark.

10: Daar was ook verskeie ander kleiner projekte[14] soos byvoorbeeld die hoenderboerdery, die bye-boerdery, die groente-boerdery, die avokado- en kiwi-boerdery, die kwekery, die pottebakkery, die gewone bakkery, die meganiese-, elektriese- en hout werkswinkels, die audiokasset bedryf, die pos-

---

[12] Ek was aangewys as die heel eerste "Internasional Visie-President" van die organisasie en was verantwoordelik vir die opstelling van die grondwet daarvan. My spesifieke taak was ook skakeling met die streekskantore of streeksbesture en die versorging van die "geestelike" gedeelte van die kwartalikse nuusbrief. Die spesifieke doel en taak van CFT was om as mondstuk op te tree en om sy lidmate te aktiveer in algemene sosio-politiese aangeleenthede. Sake wat gewoonlik op die agenda was sluit in: aborsie, pornografie, prostitusie, politiese ongeregtigheid en algemene sedeloosheid.

[13] Hierdie front-organisasie van KSB, was uitsluitlik gerig op mense in die mediese velde en het later die hele "aborsie-afdeling" van CFT oorgeneem en bedryf. Ek verneem dat hulle deesdae ook betrokke is met die verlening van mediese hulp selfs sover as in Angola.

[14] Beide Oosthuizen (1985) en Du Toit (1986) verskaf heelwat inligting rondom die praktiese bedrywighede op KSB. Kulegani Mathe (in Hoofstuk 4.2.20) verskaf inligting wat meer korrek is gesien die latere datum van sy skrywe.

agentskap, die telefoonsentrale, die steenmakery, die handwerksentrum, die algemene handelary, die curiobedryf en nog andere. Sommige van hierdie "kleiner" projekte is volwaardige ekonomiese bedrywe wat menigte mededingers jaloers maak weens die uitstekende gehalte van produkte en die effektiewe produksie metodes.

KSB is waarlik geseënd met wonderlike Duitse pragmatisme.

### *3.6 Die kerklike situasie soos teen 1994*

Die begin van die ernstige skeurings en probleme van KSB is ongeveer die tydperk Junie 1993 tot Junie 1994. Alhoewel daar dikwels voorheen enkele persone of gesinne was wat die gemeente van KSB verlaat het, vind ons in hierdie tydperk die begin van grootskaalse ongelukkigheid. Teen Junie 1994 het drie van die Stegen kinders en hulle gesinne KSB verlaat. Dit is die gesinne van Bodo Stegen, Manfred Stegen en Irmgard van der Linde. Ek en my gesin was ook reeds weg. Die kerklike situasie net voor die skeurings was min of meer as volg:

In Suid Afrika was daar volgens skatting ongeveer 40,000[15] aanhangers of lidmate waarvan die meerderheid in Kwa-Zulu/Natal woonagtig was. 'n Groot getal van hierdie mense woon in die onmiddellike omgewing van KSB maar op verskeie plekke was daar aktiewe gemeentes. Die buitepos te Tugela Ferry onder leiding van Barney Mabaso, was die grootste en mees indrukwekkende met eie kleuterskool, laerskool, gemeente-kompleks en vele praktiese werksaamhede. Naby Pretoria by Pelindaba was daar ook 'n redelike groot buitepos onder leiding van Waldemar Engelbrecht.

---

[15] KSB het teen 1994 geen outentieke data oor lidmaatgetalle gehad nie. Die syfers is maar soos wat dit destyds geskat is maar dit word heel dikwels in die openbare media aangehaal as feitelik. Dit is veral die Hollandse media wat lief is om dit noem soos byvoorbeeld in die Reformatorisch Dagblad van 9 Maart 2000.

In Australië is daar 'n klein maar aktiewe gemeente van KSB waarin die Trinkle-familie 'n sterk leidende rol speel. Daar word beweer dat die totale lidmaatgetal in Europa ongeveer 1,000 persone was. Die leier van die Hollandse tak was Albert Pillon; dié van Frankryk was Ferni Jaegle; dié van Switserland was Hans Kohler en dié van Duitsland was Martin Rost. Sedertdien het die meeste van dié leiers die gemeente van KSB verlaat.

# 4 Die Navorsingsbron oor Kwa Sizabantoe Sending

## *4.1 Inleiding*

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n basis te lê waarop die navorsing oor KSB gedoen is. Baie bronne oor KSB is nie in die algemene omgang bekend of beskikbaar nie. Weens die aard van die rol wat ek in die gemeente van KSB gespeel het, het daar deur die jare geweldig baie mense persoonlik met my kontak gemaak rondom die krisis wat hulle met KSB belewe het. Die meeste van hierdie "kontakte" was per brief of e-pos en ek kon die skrywes meestal bewaar. Verskeie van hierdie mense het ook artikels geskrywe van een of ander aard, soms net in 'n poging om sy/haar eie verwarring en hartseer te probeer opklaar. In hierdie hoofstuk gaan ek poog om 'n kort opsomming van hierdie "onbekende" dokumente te verskaf. Na die afhandeling van hierdie skripsie, sal dit beskikbaar gestel word op die internet.[16] (*Hierdie dokumente bespreek ek en sal ek beskikbaar stel met die goedkeuring van die oorspronklike skrywers)*

Die "onbekende" dokumente is min of meer alfabeties gerangskik. Soms is die naam van die hooffiguur gebruik as benaming. In sommige gevalle verskyn daar meer as een dokument vanaf 'n persoon, dan is daar in die voetnotas volledige verwysings geplaas. In die voetnotas is dit gewoonlik gerangskik volgens datum of om 'n sinvolle opeenvolging te bewerkstellig.

Ek gee inleidende inligting oor die hooffiguur of oor die situasie rondom die gebeure. In al die gevalle is daar gepoog om kontakbesonderhede van die hooffiguur te verskaf. Die oorspronklike skryfstyl, taalgebruik en spelfoute is onveranderd gelaat wanneer ek direkte aanhalings maak uit die "navorsingsbron".

[16] Heel moontlik op die webwerf: http://www.ksb-alert.com. U kan my ook persoonlik kontak by: Kosie@new.co.za indien dit nie op bogenoemde webwerf beskikbaar is nie.

Ek gebruik gewoonlik die woord "krisis" om te verwys na 'n bepaalde situasie. Die rede daarvoor is dat dit in alle gevalle krisisse was en daar in ag geneem moet word dat in sommige gevalle mense selfmoord gepleeg het, huwelike verbrokkel het en gesinne opgebreek is. Hoe dit ookal vir die objektiewe navorser mag lyk, in alle gevalle was dit vir die betrokkenes 'n katarsis. Ek verkies om die navorsingsbron so te orden en nie rondom spesifieke temas of hoofstukke nie. Die rede daarvoor is dat dokumente wat by 'n spesifieke persoon of gebeurtenis hoort of wat lig daarop werp, sodoende bymekaar bly. In hoofstukke 5 – 7 ontleed ek die dokumente volgens spesifieke onderwerpe en dan gebruik ek die inligting van hierdie hoofstuk as verwysingbron.

Die dokumente is in my besit of by die oorspronklike outeurs beskikbaar. Die dokumente in my besit is beskikbaar as een geheel wat bestaan uit meer as 500 bladsye.

Van die dokumente het ook vir 'n tyd lank op die offisiële webwerf van KSB verskyn.[17] In ander gevalle is die dokumente steeds beskikbaar op die webwerf van die groep "Concerned Christians".[18]

## *4.2 Die Onbekende Dokumente*

Hier volg nou 'n kort opsomming van die belangrikste sake soos in die onbekende navorsingsbronne rondom KSB te vind is. Soos voorheen gesê, word die dokumente georden rondom persone of gebeurtenisse.

### 4.2.1 Barney Mabaso krisis

Barney Mabaso was sedert die begin van die herlewing intens betrokke by die werk van KSB. Hy is 'n bekende spreker hier ter plaatse en oorsee. Hy was die

[17] Die adres is: http://www.kwasizabantu.com

[18] Die adres is: http://www.ksb-alert.com

leier van die grootste KSB buitepos te Tugela Ferry. Barney is getroud met Florence en hulle het 5 kinders. As gevolg van die krisis wat daar tussen Barney en Erlo ontstaan het, het hy bedank as medewerker. Sy gemeente het hom gevolg en binne enkele weke nog 11 ander gemeentes.

Die rede vir Barney se ongelukkigheid was die hantering deur Erlo Stegen van die sogenaamde "ontvoering" van Thofozi Dube.[19] In die twee dokumente word daar volledig verslag gedoen van die hele verwikkeling en daar is ook 'n ope brief van Erlo Stegen aan die Europese gemeentes rondom die Barney Mabaso krisis. [20]

### 4.2.2 Bibel- und Schriftenmission Nuusbrief

Hierdie organisasie was die jarelange mondstuk van Dr. Kurt Koch. Deesdae werk dit as "front" vir KSB. Na Dr. Koch se sterwe, het Horst Koch, 'n medewerker van Dr. Koch, die verantwoordelikheid oorgeneem. Op 'n stadium het Horst Koch 'n verskil gehad met Barbel Koch, die weduwee van Dr. Kurt Koch. Die verskil was weens uitstaande skuld van die Bibel- und Schriftenmission en Horst wou die skulde onmiddellik vereffen. Met die daaropvolgende jaarvergadering, word Horst vervang deur 'n nuwe voorsitter[21]. Die nuusbrief is 'n poging van Erlo Stegen om die beskuldigings wat in die Europese media verskyn het, te beantwoord. Daar word sterk standpunt ingeneem dat KSB wel Evangelies en verantwoordelik is.[22]

---

[19] Op die 12de September 1997 maak KSB wêreldwyd bekend dat die bekende prediker en een van die "Mamas" van KSB, Thofozi Lydia Dube ontvoer is. 'n Paar dae daarna word sy ongedeerd in Durban gevind. In 2000 word dit bekend dat Thofozi haar eie ontvoering gereël het in 'n poging om haar posisie in die leierskap te bevorder. Erlo Stegen was volgens gerugte, vir maande bekend met die ware feite rondom die "ontvoering" maar het dit probeer toesmeer en wegsteek van die medewerkers. Barney het per ongeluk daarvan te hore gekom en die "Mamas" en Erlo afsonderlik gaan spreek. Toe hulle stories nie ooreenstem nie, was die gort gaar.

[20] 1: Volledige verslag.
2: Ope brief van Erlo Stegen. 21 Jun 2000.

[21] Intussen het Horst die diens van die vereniging verlaat. Sien ook hoe KSB effektief van Horst Koch ontslae geraak het in sy brief aan Prof. Beyerhaus.

[22] Rundbrief 135 (2 Aug 2001). Bibel- und Schriftenmission. Dr. Kurt E. Koch eV. Osterlängstr 47, 73527. Schwäbisch Gmünd. www.schriftenmission.de

### 4.2.3 "Bräutigam - unbekannt!" [23]

Hierdie artikel verskyn na aanleiding van 'n brief wat 'n onbekende dame aan Friedel Stegen geskrywe het in 1999. In die brief spreek sy haar misnoeë uit omdat hy haar vir die vorige 3 jaar probeer dwing het om met 'n onbekende bruidegom te trou. Friedel Stegen het haar verskeie kere persoonlik probeer oortuig om met die onbekende man te trou maar hy kon of wou nooit aan haar sy naam en van, of selfs sy adres verskaf nie. Nogtans dring hy by haar aan om te trou in "blinde geloof" en in gehoorsaamheid aan die leierskap van KSB.

### 4.2.4 Concerned Christians krisis

Die groep bestaan uit 'n hele klomp vorige medewerkers, vorige lidmate en vorige "apologete" van KSB onder andere Prof. Koos van Rooy. Gedurende 1999 word hulle meer bewus van die nood van elkander en van hulle verantwoordelikheid teenoor die kerklike gemeenskap asook teenoor mekaar. Hulle eerste byeenkoms vind plaas te Muden, Natal gedurende die naweek van 4 – 6 Februarie 2000. Hier word Greg Damron, Somerset Morkel en Prof. Koos van Rooy aangewys as 'n komittee om hulle griewe op skrif te stel en met KSB in gesprek te tree. Een van hulle werkwyses was om 'n webwerf [24] te open waarop hulle die skrywes aan die breër publiek bekend stel. Vandag is daar mense vanoor die hele wêreld betrokke by die groep en nuwe getuienisse of skrywes word gereëld op die webwerf geplaas.

In die groep dokumente is daar verskeie skrywes aan KSB waarin daar gepleit word vir besinning en 'n terugkeer tot bybelse norme. Daar is ook twee verklarings/ belydenisse van vorige leiers van KSB.[25]

---

[23] Hierdie artikel van onbekende skrywer het ek op die 20ste Junie 2003 op die webwerf http://www.ksb-alert.com afgetrek.

[24] Die webwerf bestaan steeds en is besigtigbaar by: http://www.ksb-alert.com

[25] 1: Ope brief aan KSB. 19 Feb 2000.
2: "Urgent Plea". 19 Feb 2000.
3: Verklaring deur Trevor Dahl. 19 Feb 2000.
4: Verklaring deur Karl-Heinz Vicker. 20 Feb 2000.
5: "Statement" van KSB. 11 Maart 2000.

### 4.2.5 Colin Pecham krisis

Dr. Peckham was sedert sy kinderjare bekend met die Stegens omdat sy ouers ook lidmate was van die gemeente van Anton Engelbrecht. Dr. Peckham was eers hoof van die Afrika Evangeliese Bond se Bybelskool "Glenvar" in Constantia, Kaapstad en daarna vir 20 jaar hoof van die Faith Mission se Bybelskool in Edinburgh, Skotland.

Dr. Peckham se enigste suster, Mollie, is getroud met Bruno Engelbrecht – een van die seuns van Anton Engelbrecht. Drie kinders van Mollie en Bruno is medewerkers op KSB nl. Ian, Sylvia en Estelle. Dr. Peckham is getroud met Mary Morrison, die bekende prediker uit die "Hebrides Herlewing" in die noorde van Skotland. Hulle het drie kinders. Dr. Peckham is nou afgetree maar steeds aktief betrokke as prediker wêreldwyd.[26]

Sy skrywes rondom KSB, was die eerstes in Engels wat opspraak gewek het. Dit was die katalisator wat vele mense bewus gemaak het van dinge wat verkeerd loop op KSB. Die twee dokumente wat spesifiek handel oor KSB is besonder helder en op die man af. Tog doen hy keer op keer 'n ernstige beroep op KSB om terug te keer tot bybelse norme.

As gevolg van die feit dat ek ook te "Glenvar" gestudeer het onder Dr. Peckham, het die medewerkers van KSB dadelik aangeneem dat ek die bron van die "verkeerde" inligting aan Dr. Peckham was en daarom het hulle my besonder fel aangeval. Nadat ek twee ope briewe aan hulle geskrywe het om hulle op die ware feite te wys, gaan hulle steeds voort om my en andere verkeerdelik te beskuldig soos die laaste dokument bevestig.[27]

---

[26] Hy kan gekontak word by: 62 Kirk Brae. Liberton. Edinburgh. EH16 6HU. Scotland. UK. DrC@Peckham.net

[27] 1: Brief aan Mollie. 19 Feb 1999.
2: "An Assessment of Kwa Sizabantu"
3: "Mind Control" Artikel.
4: "Response" deur KSB. 18 Mrt 1999.
5: Ope brief deur Koos Greeff. 20 Mrt 1999.
6: "Reply to KSB". 12 Mei 1999.

#### 4.2.6 Conny Spiers. "I have questions." Artikel. 25 Jun 2002

Die familie van Conny Spiers is betrokke by die gemeente te Tugela Ferry waar sy ook onderwys gee aan die skool wat daar deur die gemeente bedrywe word. In die artikel wys sy op duidelik weersprekings tussen die leer en lewens van die leiers van KSB en dan veral in hulle optredes teenoor Trevor Dahl, na sy weggaan van KSB gedurende 1997.[28]

#### 4.2.7 "Der andere, reinere Weg" [29]

Hierdie artikel is saamgestel uit die korrespondensie tussen die leierskap van KSB leierskap met die leierskap van KSB-Europa.Verskeie praktiese sake word bespreek.

#### 4.2.8 "Dies kann Gott aber" [30]

'n Artikel na aanleiding van 'n brief wat Friedel Stegen aan die KSB leierskap in Duitsland geskrywe het die op 5de Feb 1999. In die brief roep Friedel Stegen die leierskap op tot nog groter dade van toewyding sodat God magtiger kan werk in hulle midde.

#### 4.2.9 Dieter Stegen krisis

Vir 'n geruime tyd was daar gerugte in omloop dat Dieter Stegen, nefie van Erlo Stegen, owerspelige verhoudings met verskeie jong Zoeloemeisies gehad het. Verskeie kere is daar gepoog om agter die waarheid te probeer kom, sonder enige sukses. Hierdie gesprekke was altyd privaat en ek is bewus dat

---

7: Ope brief deur Koos Greeff. 25 Jun 1999.
8: Uittreksels uit verskeie briewe.

[28] Trevor Dahl is die skoonseun van Friedel Stegen maar ook die swaer van Erlo Stegen. Hy was vir meer as 25 jaar werksaam op KSB en was in 'n sekere sin, die logiese opvolger van Erlo Stegen. In 'n vergadering met al die medewerkers, het hy hulle gevra om hom in vrede te laat gaan en dat hy sou onderneem om nie in twisgeprekke met hulle betrokke te raak nie. Kort na sy vertrek, begin die leierskorps en in besonder Erlo Stegen, om Trevor te beswadder van allerlei onwaarhede - sien ook die getuienis van Joshua Grimm in 4.2.19. Conny beskrywe in haar artikel hoe Erlo Stegen persoonlik hulle probeer beinvloed het teen Trevor Dahl.

[29] Die artikel is van onbekende skrywer met onbekende datum van publikasie maar ek het dit die op 20ste Junie 2003 afgetrek van die webwerf http://www.ksb-alert.com

beide Trevor Dahl en Bodo Stegen persoonlik met die leierskap op KSB hieroor gaan praat het. Meteens word vyf van die vorige medewerkers van KSB gedagvaar om in die hooggeregshof te Pietermaritzburg te reg te staan op aanklagtes van naamskending.[31]

### 4.2.10 "Eine Kriegserklärung gegen Gott" [32]

'n Interessante insig in die interne werkwyse van die KSB leierskap in Duitsland. Hierdie artikel openbaar die absolute verhewe beskouing van die "mindere leiers" in Europa teenoor die "meerdere leiers" van Suid Afrika. Die huidige leier van KSB in Duitsland, verklaar op een stadium dat weerspraak teen Erlo en Friedel Stegen is soos 'n oorlogsverklaring teen God.

### 4.2.11 Erwin Redinger krisis

Erwin Redinger is in 1931 op die buurplaas van die Stegens gebore. Hy gaan saam met hulle skool, eers op Lilienthal en daarna by die hoërskool op Hermansburg. Na matriek was Erwin vir 'n ruk op Glenvar, die Bybelkollege van die AEB. Daarna is hy na Pretoria waar hy die bybelskool van Anton Engelbrecht besoek het. Hy werk tot in 1963 voltyds saam met Engelbrecht as sendeling tussen die Zoeloe en Xhosa mense van Suid-Natal. Hy trou in 1955 met Gertrud wat 'n eerste-niggie van die Stegens is.

Hy en sy gesin was vir 18 maande op Mapumulo, kort na die uitbreek van die "herlewing". In 1969 vestig hulle hulle in Harding waar Erwin in die bosboubedryf betrokke word. Hy stig die "Harding Christian Fellowship" en is steeds betrokke by hierdie interkerklike groep. Erwin is voorsitter van die trust

[30] Die artikel is van onbekende skrywer met onbekende datum van publikasie maar ek het dit die op 20ste Junie 2003 afgetrek van die webwerf http://www.ksb-alert.com

[31] 1: Notification to Christians. 20 Ap 2001.
2: "Update" on court case. 10 Ap 2001.
3: Brief aan Mike Francis. 11 Ap 2001.
4: Brief van Mike Francis. 12 Ap 2001.
5: Statement by Advocate Achtzehn.
6: Statement, Mabaso et al.

[32] Die artikel is van onbekende skrywer met onbekende datum van publikasie maar ek het dit die op 20ste Junie 2003 afgetrek van die webwerf http://www.ksb-alert.com

van die "Harding Special School for the Handicapped" en dien ook op die raad van die "Christian Conference Centre Skoegheim". Hy en Gertrud het ses kinders en 16 kleinkinders en is steeds baie aktief betrokke met sendingwerk en ander kerklike aktiwiteite. Omdat Erwin die werkwyses van beide Anton Engelbrecht en Erlo Stegen persoonlik ken, en omdat hy van die heel eerste medewerkers van Erlo Stegen was, is sy insigte van onskatbare waarde vir navorsing.[33]

#### 4.2.12 Evangeliese Alliansie Saak

Van al die geskrifte wat rondom KSB verskyn het, dra die van die Evangeliese Alliansie die meeste gesag. Miskien meer seggend is KSB se optredes teenoor hulle en antwoorde aan hulle. Dis ironies dat KSB; wat altyd daarop roem dat hulle evangelies is, nie met die Evangeliese Alliansie wou saamwerk nie.[34]

#### 4.2.13 Greg Damron

Greg was betrokke met KSB sedert 1982 en was voorheen vir baie lang tye op KSB. Hy verkry 'n BA-graad in geskiedenis en godsdienswetenskappe aan die

---

[33] Hy kan gekontak word by P.O. Box 40085, Shelly Beach, KZN. 4265. redinger@mweb.co.za

1: Persoonlike getuienis. Aug 2000.
2: "Erlo Stegen - An Assessment".
3: "The Claridge situasion".
4: "Has KSB got Zionist roots?" 27 Dec 2000.
5: Brief aan Sijbrandus Noorman.
6: Nataniël Ximba se getuienis.

[34] 1: Brief van Michael Cassidy. 17 Mrt 2000.
2: Brief van Komittee. 29 Mrt 2000.
3: Antwoord van KSB. 29 Mrt 2000.
4: Brief van Komittee. 20 Apr 2000.
5: Brief van Michael Cassidy. 7 Jun 2000.
6: Brief van Komittee. 12 Jun 2000.
7: Antwoord van KSB. 13 Jun 2000.
8: Brief van Komittee. 4 Jul 2000.
9: Ope Brief van Komittee. 6 Jul 2000.
10: Verslag aangaande KSB. 23 Junie 2000.
11: "An Open Letter" deur Kjell Olsen. Jul 2000.
12: "Response" deur KSB. Aug 2000.
13: KSB – Confession of Faith.
14: Brief van Komittee. 12 Sept 2000.

"Sonoma State University" in Kalifornia en werk sedertdien as vryskut joernalis in Afrika. Hy is getroud met Jamie, hulle het 1 kind en woon in Muden, Natal.[35]

### 4.2.14 Heinz Bartels: Verklaring. 21 Mrt 2000.

Heinz Bartels is 'n neef van Erlo Stegen van moederskant. Hy is die broer van Inge Joosten wie se hele gesin steeds betrokke is by KSB. Heinz is getroud met Stella en hulle woon naby Port Shepstone in Natal.

In sy verklaring neem hy duidelik standpunt in rondom die optredes van KSB en verwys hy ook na bonatuurlike geestelike ervarings en die rol wat dit gespeel het in die optredes van die leierskap van KSB.[36]

### 4.2.15 Die Holland Krisis

Hierdie reeks briewe is uiters belangrik vir navorsing rondom die bestuurstyl van KSB, met die spesifieke verwysing na die ondergeskikte leierskap van KSB-Nederland. Die gevolg was 'n wegbreuk van ongeveer een-derde van die lidmate daar.[37]

### 4.2.16 Horst Koch krisis

Na Dr. Kurt Koch se sterwe, het Horst Koch, 'n medewerker van Dr. Koch, die verantwoordelikheid oorgeneem. Hy was verantwoordelik vir die verspreiding van al Dr. Koch se boeke en in sommige gevalle het hy selfs die boeke laat

---

[35] Hy kan per epos gekontak word by: 20017310@worldonline.co.za. of per telefoon by: 033 49 61010. Sy skrywes sluit in:
1: "Analysis of Erlo Stegen".
2 "Kranskop". 13 Jan 2000.
3: "Evidence for a Doctrine of Exclusion".
4: "The Problem with KSB". 16 Jan 2000.

[36] Hierdie verwysings is belangrike bronne wat in latere hoofstukke sinvoller bespreek word.

[37] 1: Brief van Noorman. 13 Nov 1999.
2: Brief van Noorman. 28 Nov 1999.
3: Brief van Noorman. 4 Des 1999.
4: Brief van Noorman. 12 Jan 2000.
5: Bedankingsbrief Ab van den Bosch. 22 Jan 2000.
6: Brief van Ab van den Bosch 12 Mrt 2000.
7: Brief van Ab van den Bosch 13 Mrt 2000.
8: Brief van Ab van den Bosch 1 Apr 2000.

vertaal ook. Op 'n stadium het Horst Koch verskil met Barbel Koch, die weduwee van Dr. Kurt Koch. Dit was omtrent uitstaande skuld van die Bibel-und Schriftenmission. Horst wou die skulde onmiddellik vereffen. Met die daaropvolgende jaarvergadering, word Horst vervang met 'n nuwe voorsitter, gevolglik verlaat Horst die diens van die vereniging.[38]

Daar is ook 'n brief aan Prof. Beyerhaus gerig waarin Horst die treurige verhaal vertel van hoe KSB van sy voorsitterskap ontslae geraak het. Die artikel is 'n goed gefundeerde bespreking van KSB vanuit die geskrifte wat Dr. Kurt Koch oor KSB geskrywe het. Horst gebruik die geskrifte om aan te toon watter groot rol bonatuurlike geestelike ervarings gespeel het.[39]

### 4.2.17 Jens Nissen krisis

Jens was vir 'n klomp jare een van die leiersfigure van KSB-Duitsland en natuurlik ook op die bestuur daar. Hy is redakteur van die Mainzer Allgemeine Zeitung in Mainz, Duitsland en is uiteraard nuuskierig of krities van aard. Jens spreek dinge pertinent aan waar hy voel dat KSB dwaal of verkeerd optree.[40] Die gevolg was dat hulle hom onder geweldige druk geplaas het, waarvan sy korrespondensie spreek. Hy was dan een van die heel eerste Europeërs wat die gemeente van KSB in Europa verlaat het. Weens sy korrespondensies en skrywes[41] het baie mense die gemeente van KSB verlaat. Hy is getroud met Doris.

---

[38] Hy kan gekontak word per epos by: Hkoch1240@aol.com

[39] 1: Brief aan Prof Beyerhaus. 10 Mei 2000.
2: Artikel oor KSB.

[40] Jens is intens betrokke by die instandhouding van die webblad http://www.ksb-alert.com. Hy kan gekontak word by jdnissen@web.de

[41] 1: Brief aan Peckham. Feb 1999.
2: Brief aan Koos Greeff. 23 Mrt 1999.
3: Ope brief. 13 Apr 1999.
4: Ope brief. 26 Mei 1999.
5: Bedankingsbrief. 8 Jun 1999.
6: Ope brief.
7: Ope brief. 21 Mei 2002.

### 4.2.18 Joachim Rosenthal. Artikel oor KSB. April 2000.

Joachim is predikant van 'n Evangeliese gemeente in Schwäbisch Gmünd in Duitsland. Sy artikel oor KSB is analities-objektief geskrywe. Hy let veral op die dogmatiese dwalinge en soek dan die grondliggende oorsake daarvan en die gevolge daarop.[42]

### 4.2.19 Joshua Grimm. Getuienis. 26 Feb 2000.

Joshua het die meeste van sy jeugjare op KSB deurgebring en was hoofseun van die DSS Hoërskool daar. Sy getuienis openbaar hoe Erlo Stegen doelbewus gepoog het om sy eie swaer, Trevor Dahl, in 'n slegte lig te stel by hom.

### 4.2.20 Khulegani Mathe krisis

Khulegani begin as jongman werk op KSB. Aanvanklik help hy met die hoenderboerdery, maar vorder so deur die "range" totdat hy later help met prediking en selfs as persoonlik boodskapper van Erlo optree.[43] Hy skrywe besonder op die man af en verskaf waardevolle inligting rondom die bestuurstyl en werkwyses van die leierskap van KSB.

### 4.2.21 Kobus du Preez krisis

Van al die krisisse rondom KSB, was die saak van Kobus du Preez vir my persoonlik die mees traumatiese. Kobus en Anneli kom kort na my op KSB aan en ons was aanvanklik die enigste Afrikaanssprekende medewerkers. Ons is van dieselfde portuurgroep en deel baie in afkomste, opvoeding en belangstellings. Ons was goeie vriende vir baie jare totdat Erlo Stegen ons eensklaps inlaat in 'n komplot teen Kobus.[44] Natuurlik het ek nooit met Kobus

---

[42] Hy kan gekontak word by: Ronsperger Str. 34, 73525 Schwäbisch Gmünd.

[43] 1: Getuienis. Feb 2000.
2: Brief aan Natal Witness. 17 Feb 2000.

[44] In Januarie 1986 was daar 'n medewerkers-byeenkoms waartydens Erlo Stegen 'n oproep op die medewerkers gedoen het om eensgesind te wees. Kobus het na die diens met Erlo gaan praat oor 'n paar sakies wat hom gepla het. Meeste van hierdie dinge was rondom die bestuurstyl van Erlo en die "Mamas". Onmiddellik is Kobus onder geweldige druk geplaas om hom te bekeer van 'n verkeerde gesindheid teenoor Erlo Stegen. Toe hulle nie tot vergelyk kon kom nie, het Kobus besluit om KSB te verlaat en verder teologie te gaan studeer in Frankryk. In Junie 1986, roep Erlo toe die hele medewerkerskorps byeen en

self daaroor gaan praat nie en net Erlo se weergawe gehoor en summier geglo. Weens die komplot van Erlo, het Kobus en Anneli se huwelik verbrokkel. Anneli is steeds woonagtig op KSB waar sy 'n onderwyseres is. Kobus het KSB reeds in 1988 finaal verlaat en ons het geen verdere kontak gehad nie. Eers in 1999 het ek die waarheid agter Kobus se "vreemde" optredes gehoor en kon ek Kobus opspoor en is ons versoen. Kobus is tans besig met 'n meestersgraad in teologie en studeer iewers in Frankryk, daar hy geroepe voel tot die Franse.[45]

### 4.2.22 Koos Greeff krisis

My lys van onbekende dokumente begin by verskeie stukke korrespondensies met senior weermagpersoneel van die destydse SAW. Destyds het KSB dikwels ten nouste met die SAW saamgewerk en in sommige gevalle ook fondse en toerusting as geskenke van die SAW ontvang.[46] KSB ontken dit natuurlik vandag ten sterkste. Daarna volg verskeie korrespondensies met die leierskap van KSB. Dit openbaar die vele pogings wat ek aangewend het tot versoening.[47]

---

vertel ons dat Kobus besig is om onstabiel te word en dat hy vreemd begin optree het. Toe Kobus dan kort daarna aankondig dat hy KSB gaan verlaat om teologie te gaan studeer, was ons almal baie negatief teenoor hom. Sy vrou, Anneli, het hierdie negatiwiteit bespeur en het geweier om hom te vergesel. So is hy alleen verder. Toe hy terugkeer na Suid Afrika en aan die Universiteit van Pretoria verder gaan studeer het, het sy geweier om KSB te verlaat en haar by hom te voeg. Kort daarna is hulle finaal geskei.

[45] Hy kan per epos gekontak word by: dupreez@ifrance.com
1: Persverklaring. 7 Mrt 1988.
2: Ope brief. 15 Aug 1988.
3: Brief aan Kjell Olsen. 31 Des 2000.
4: "Een huwelijk gaat op stuk"

[46] Daar is selfs gerugte dat KSB as tussenganger opgetree het om fondse van die destydse regering na die Inkatha Freedom Party van hoofman Gatsha Buthelezi te skuiwe. Khulegani Mathe verwys meer volledig daarna.

[47] 1: "Getuienis".
2: Brief aan Brig Chris Wehrmann. 19 Jul 1990.
3: Brief aan Kol Tobie Vermaak. 9 Sept 1990.
4: Verslag aan Erlo Stegen. 12 Des 1991.
5: Brief namens Erlo aan Adriaan Vlok. 25 Nov 1992.
6: Brief aan Friedel Stegen. 11 Des 1993.
7: Brief aan skoonouers. 23 Des 1993.
8: Bedanking as medewerker. 25 Des 1993.
9: Bedanking uit CFT-bestuur. 15 Mrt 1994.

### 4.2.23 Louis Fourie Getuienis

Louis het die meeste van sy jeugjare op KSB deurgebring waar sy ouers steeds woonagtig is. Sy getuienis is 'n poging van sy kant om sin te maak van die vele weersprekings van KSB en die gevolglike verwarring wat dit vir hom persoonlik veroorsaak het.[48]

### 4.2.24 Marianne Kaestli Getuienis

Mariane was die eerste medewerker uit Switzerland en woon vir geruime tyd op KSB. Haar getuienis openbaar die rol wat openbarings gespeel het in die optredes van die KSB-leierskap en hoe sy die slagoffer moes wees van verkeerde interpretasies en optredes.[49]

### 4.2.25 Monika Greeff. Brief aan Femina

Monika is ons oudste dogter. In haar brief vertel sy van die hardhandige optrede van die personeel van die DSS skool op KSB en hoe dit vele skoliere se lewens negatief beïnvloed het.

---

10: Skenking van huis. 8 Aug 1994.
11: Belydenis aan gemeente. 11 Aug 1994.
12: Brief aan Erlo Stegen. 20 Feb 1997.
13: Antwoord van Erlo Stegen. 22 Sept 1997.
14: Brief aan Friedel Stegen oor Lungisa. 24 Nov 1998.
15: Brief aan Friedel Stegen. 20 Jun 1999.
14: Brief aan Friedel Stegen. 29 Jun 1999.
15: "Dreigemente"
16: Brief van Ingi Salgado. 11 Feb 2000.
17: "My Confession".
18: "Die Proago Trust".
19: Brief aan Friedel Stegen. 13 Mrt 2003.

Korrespondensie tussen Koos Greeff en Kjell Olsen:
20: Koos. 25 Mrt 1999.
21: Kjell. 25 Mrt 1999.
22: Koos. 26 Maart 1999.
23: Kjell. 28 Mrt 1999.
24: Koos. 1 April 1999.
25: Kjell. 18 April 1999.
26: Koos. 20 April 1999.
27: Kjell. 18 Jul 1999.
28: Koos. 9 Aug 1999.

[48] Hy kan gekontak word by: nononsense@worldonline.co.za

[49] Sy kan gekontak word by: shalom.kaestli@bluewin.ch

### 4.2.26 Stanley Seiti. Ope Brief. 31 Maart 1999

Stanley is een van die eerste matrikulante van die DSS skool. In sy brief spreek hy KSB aan oor verskeie skeeftrekkings en wys hy op eensydighede en weersprekings.[50]

### 4.2.27 Sommie Morkel Krisis

Somerset Morkel hou die volgende akademiese kwalifikasies: BA, HOD, BA-Honeurs aan die Universiteit van Pretoria. Hy verkry ook verskeie amptelike sertifikate in diens van die Dept. van Buitelandse Sake o.a: PSSM, PSCLM en DFA. Hy staan vir 22 jaar in diens van die Departement en dien in ambassades van Den Haag, Bonn, Dublin, New York en laastens in Londen. In Londen was hy senior raadgewer van die ambassadeur.

Sedert 1996 is hy terug in SA en is direkteur van die onderneming Kwezi Management and Consultancies. Sedertdien verwerf hy ook 'n sertifikaat in Volwasse Berading aan die RP Clinic for Crisis Counselling in Pretoria. Huidiglik is hy lid van die pastorale versorgingsgroep van die Pretoria Akademiese Hospitaal.

Sommie was 'n jarelange vriend van KSB wat dikwels betrokke was met reëlings van hulle oorsese besoeke. Sommie is getroud met Noline en die vader van 5 kinders. Hy is 'n aktiewe lid van die NG kerk. Sy skrywes is net nóg 'n voorbeeld van die pogings wat eks-KSB lidmate aangewend het om die situasie verantwoordelik te benader en verandering te bewerk.[51]

### 4.2.28 Wilhelm de Beer. Brief. 8 Feb 2000

Wilhelm was vir baie jare 'n goeie vriend van die mense van KSB. Sedert 1989 was hy intens betrokke met baie van die projekte van KSB en vir 'n tydlank

---

[50] Hy kan gekontak word by: Stanley@durbs.com

[51] Sommie kan gekontak word by: morkelspm@mweb.co.za
1: Brief van Kjell Olsen. 11 Maart 2000.
2: Brief van Kjell Olsen. 23 Maart 2000.
3: Ope brief aan Kjell Olsen. 21 Okt 2000.

was hy ook op die bestuur van CFT in die Vrystaat. Hy is getroud met Sonja (du Plessis) wat die eerste huishoudkunde onderwyseres aan die DSS Hoërskool op KSB was. Hulle woon in Pretoria waar hulle werksaam is aan die Universiteit van Pretoria. Wilhelm het 'n doktorsgraad in mikrobiologie.[52]

### 4.2.29 "Wir haben den hohen Maßstab verlassen"[53]

'n Artikel saamgestel oor 'n nuusbrief van KSB aan die gemeentelede in Europa waarin die KSB-leierskap beweer dat die rede vir die geestelike "doodsheid" in die gemeentes in Europa is weens hulle eie sondigheid.

### 4.2.30 Zarri Pauler. Getuienis

Zarri is oorspronklik van Iran maar woon vir baie jare in Durban, Natal. Sy was 'n Moslem en kom op baie kragdadige wyse tot bekering. Kort daarna word sy betrokke met die werk van KSB en verhuis dan met haar hele gesin na KSB. Na baie hartseer en groot finansiële verliese, verlaat sy die gemeente van KSB en verhuis na die VSA. Haar getuienis openbaar die hartseer gevolge van die verkeerde optredes van die leierskap op die gewone lidmate van KSB.[54]

## *4.3 Audio Kassette*

Hierdie is slegs 'n paar van die vele kassette wat beskikbaar is van KSB.[55] Vir die navorsing is hierdie opnames uitgekies omdat hulle almal spesifiek betrekking het op die onderwerp van hierdie skripsie. Nog 'n rede is dat al die opnames reeds in die laat 70'r jare gemaak is en miskien meer korrek die oorspronklike opinies van Erlo Stegen weergee. Al hierdie opnames is preke van Erlo Stegen wat hy op KSB gelewer het, ongelukkig is daar geen presiese

---

[52] Hulle kan gekontak word per epos by: wilhelm.debeer@fabi.up.ac.za

[53] Die artikel is van onbekende skrywer met onbekende datum van publikasie maar ek het dit die op 20ste Junie 2003 afgetrek van die webwerf http://www.ksb-alert.com.

[54] Sy kan gekontak word per epos by: pauler4677@aol.com.

[55] Sien die KSB webblad by: http://www.kwasizabantu.com

datum by een van hulle beskikbaar nie. Ek verskaf 'n kort opsomming van elke opname.[56]

### 4.3.1 "Ek is die God wat jou gesond maak"

Na aanleiding van Jes 59:1 – 3 vertel Erlo in groot detail hoe voorbereiding gedoen word alvorens daar gebid word vir genesing. Die belangrike rol van sondebelydenis word verduidelik. Hy vertel ook van die droom van Lindiwe Sibisi (Dube) betreffend die vrou in die hospitaal en die "vrot voet" wat sy te voorskyn haal. Opvallend is Erlo se erkentenis hoe hierdie droom sy optredes beïnvloed het.

### 4.3.2 "Herlewing onder die Zulus" – 1

Erlo begin die verhaal van die "herlewing". Hy vertel van sy jeugjare, bekering, ywer vir die evangelie en ook ietsie van die gebeure te Claridge onder Anton Engelbrecht. Dan vertel hy van die bidure te Mapululo in Desember 1966 en sluit af met die verhaal van Ananias en Saffira soos daarna verwys word in Hand. 5: 1 – 11. Die groot beklemtoning is op 'n heilige, toegewyde lewe.

### 4.3.3 "Herlewing onder die Zulus" – 2

Die verhaal van die gebeure met die "uitstorting van die Heilige Gees" te Mapumulo gedurende Januarie 1967. Daarna volg die wonder van die groot bewustheid van sonde onder die bekeerlinge, die goddelike "magnetisme" wat mense na Mapumulo gebring het en die bonatuurlike genesings wat plaas gevind het. Hy sluit af met die vertelling van verskeie drome en openbarings en hoedat dit sy optredes en werk beïnvloed het.

---

[56] Ek het hierdie kasset-opnames aan my grootvader gestuur kort nadat ek op KSB begin werk het (Mei 1977). My grootvader is in 1981 reeds oorlede, dus kan ek met redelike sekerheid aanneem dat die opnames in die laat 70'r of in 1980 gemaak is. Na die afsterwe van my grootvader, het ek die kassette weer bekom.

### 4 3.4 "Hy louter soos goud en silwer"

Vanuit Matt 3:10 – 12 beklemtoon Erlo die belangrikheid van sondebelydenis en hartsreiniging. Daarna volg die vertelling van Thandazani Nzama wat op sy eie besluit het om vir hom 'n vrou te kies en hoe die huwelik totaal misluk het. Hy sluit af met die verhaal van die "uitstorting" van die Heilige Gees te Mapumulo en hoedat die Here hulle destyds gereinig het van alle sonde. Hy vertel spesifieke verhale van bonatuurlike werkinge van die Heilige Gees en hoedat dit hulle optredes beïnvloed het.

### 4.3.5 "Moet God se naam nie ydelik gebruik nie"

Erlo gebruik Eks 20:7 as teks en vertel daarna die verhaal van Lindiwe (Dube) Sibisi se wonderbaarlike sondebesef, berou en bekering.Hy vertel ook van die openbarings wat Lindiwe ontvang het as 11-jarige meisie en die gevolglike bonatuurlike werk te "Kranskop" in 1973. Hierna volg die rol wat die "Mamas" gespeel het hoe hulle gebid het vir kos vir 3000 mense. Hy sluit af met twee verhale van bonatuurlike openbarings en hoe dit sy lewe en bediening beïnvloed het.

### 4.3.6 "Wandel in Sy weë en God sal jou gesond maak"

Die voorwaardes tot genesing word bespreek met die beklemtoning van sondebelydenis alvorens vir mense gebid kon word. Daarna vertel Erlo verskillende verhale van genesings wat plaasgevind het. Vertellings volg van die "hospitaal-sonder-pille" te Kwa Sizabantoe en hoe hulle daar te werk gaan. Hy beklemtoning die bybelse voorskrif om vrede te maak met jou broer voordat jy jou offer aan God kan bring volgens Matt 5: 23 – 24. Hy sluit af met 'n waarskuwing van die straf van God op mense wat die nagmaal onwaardig gebruik.

## *4.4 Artikels soos dit in die openbare media verskyn het*

In hierdie onderafdeling word gekonsentreer op artikels wat in die algemene media beskikbaar is. Ek het dit gegroepeer in die verskillende tale waarin dit gepubliseer is. In die meegaande voetnotas lys ek die volledige artikels.

### 4.4.1 Afrikaanse artikels

Dis opvallend dat al die Afrikaanse artikels wat in my besit is, oorweldigend positief is teenoor KSB. Trouens, tot nou toe kon ek nog geen artikel opspoor wat enigsinds negatief of selfs krities is teenoor KSB nie.[57]

### 4.4.2 Duitse artikels

Die Duitse artikels tot my beskikking, is oorwegend artikels wat sedert die begin van die skeurings gepubliseer is. Dit is dus vanselfsprekend dat hulle dus baie meer negatief teenoor KSB sal staan en dat daar selfs verwys word na KSB as 'n sekte. Interressant is die artikel wat in die *Rheinfalz* van 20 April 2000 verskyn het. Hierin word gemeld dat KSB nie verder in die gemeenskapsaal eredienste mag hou nie aangesien KSB verval het tot 'n sekte.[58]

### 4.4.3 Engelse artikels

Die Engelse artikels in my besit is insiggewend. Die ouer artikels verwys almal positief na KSB. Met die toename in skeurings en probleme op KSB, word die

[57] Ek verwys hier na die artikels:
1:"Kwa Sizabantu. Die plek waar mense gehelp word" in Woord en Daad. (Julie.1978)
2: "Herlewing - Hoe dit gebeur het" in Woord en Daad. (Aug.1978)
3: "Kwa Siza Bantu. Wonderdade van die Here in Zoeloeland" in SA Vernuwing (Nr 1 - 3. 1978 - 79).
4: "Getroud sonder om vooraf te liefkoos" in Die Huisgenoot (9 Maart 2000)

[58] Die lys Duitse artikels in my besit is:
1: "Arbeitete Mission mit Südafrikas Geheimdienst zusammen?" Idea-Spektrum (14 Feb 2000)
2: "Neue Vorwürfe gegen Südafrikanisches Missionswerk" Idea-Spektrum (23 Feb 2000)
3: "Wo jeder Schlitz im Rock Sünde ist" Idea-Spektrum (9 Mrt 2000)
4: "Evangelikale distanzieren sich von Kwa Sizabantu" Idea-Spektrum (7 Jul 2000)
5: "Kwa Sizabantu: "Kritiker wollen uns unterwerfen" Idea-Spektrum (21 Aug 2000)
6: "Sekten-Gefahr: Vortrag im Kurpfalzsaal untersagt" Rheinpfalz (20 April 2001)

Engelse artikels ook meer krities totdat daar oorwegend negatief rondom KSB berig word. In die onderstaande voetnota rangskik ek die artikels volgens datum van publikasie en kan hierdie waarneming duidelik bevestig word.[59] Die meerderheid van die artikels het in die dagblaaie van Kwa-Zulu/Natal verskyn. Insiggewend is dat KSB graag van die media gebruik maak om hulle standpunte te bevestig en dat daar sodoende belangrike openbare uitsprake gemaak word wat dikwels later as valse inligting bevind word. Hiervan is die bewering van Kjell Olsen in die *Sunday Times* van 13 Feb 2000 dat "We helped nail top cop" in dieselfde tydskrif as vals afgemaak.

#### 4.4.4 Nederlandse Artikels

Wat baie opvallend van die Nederlandse artikels is, is dat hulle almal in die grootste Christelike dagblad van Nederland verskyn het naamlik die *Reformatorisch Dagblad.* Die meerderheid van die lesers is volgens navrae,[60] lidmate van Gereformeerde kerke. Die artikels is meer feitelik van aard en berig basies van die probleme en skeuringe in die KSB-gemeentes wêreldwyd.

---

7: "Vortrag vor Gericht durchsetzen" in Rheinpfalz (21 April 2001)

[59] Die lys artikels in Engels wat in my besit is, is as volg:
1: "The Miracle Hospital" Sunday Tribune (3 Feb 1980)
2: "Mission of Miracles" Country Life (Aug 1996)
3: "I escaped from the mission from Hell" Femina (Jan 2000)
4: "Dozens tell their own stories of abuse at KZN mission" Natal Witness (2 Feb 2000)
5: "Accusations against KZN mission mounting" Natal Witness (3 Feb 2000)
6: "Buthulezi: beating is traditional" Natal Witness (4 Feb 2000)
7: "Mission head lost follower's millions" Natal Witness (5 Feb 2000)
8: "Mission denies allegations against it" Natal Witness (5 Feb 2000)
9: "One doesn't have to kill the snake but its venom needs to be milked" Natal Witness (5 Feb 2000)
10:"Mission of Malice" Sunday Tribune (6 Feb 2000)
11:"Mission 'has done good' – Christian Leaders" Natal Witness (7 Feb 2000)
12:"Press statement By Rev E. Stegen - Kwasizabantu Mission" Natal Witness (9 Feb 2000)
13:"Former missionary threatened" Natal Witness (10 Feb 2000)
14:"Call for mission truth probe" Natal Witness (10 Feb 2000)
15:"Mission was agency for security branch" Sunday Tribune (13 Feb 2000)
16:"Smuggled gift links mission to SADF" Sunday Tribune (13 Feb 2000)
17:"We helped nail top cop" Sunday Times (13 Feb 2000)
18:"Kranskop mission suffers blow" Natal Witness (25 Jul 2000)
19:"Exodus from troubled KZN mission" Natal Witness (7 Aug 2000)
20:"Pastor: Breakaway mission leaders spreading lies" Natal Witness (10 Mei 2000)
21:"Mission head's nephew did father child" Natal Witness (31 Mei 2001)

[60] Ek ken een van die senior verslaggewers persoonlik en ons het steeds kontak.

Insiggewend is die artikel waarin verwys word na Ds. Bram Krol, die "directeur van de werkgroep: gemeenteopbouw" van die Gereformeerde Kerk.*(Erlo Stegen zou moeten opstappen. 20 Okt 2000).* In hierdie artikel erken Ds Krol dat hy Erlo Stegen na die Nederlande uitgenooi het en dat hy 'n aanhanger van KSB was. Hy erken egter dat hy verontrus is deur die opspraakwekkende berigte in die media en dan doen hy 'n beroep op Erlo om homself te onderwerp aan die broederlike oorsig van die Evangeliese Alliansie. Indien dit nie sou plaasvind nie, meen Ds Krol dat daar net een uitweg is: "Om echt geloofwaardig te blijven, zou Erlo Stegen moeten opstappen." [61]

## *4.5 Samevatting*

In hoofstuk 1 is die vraag gestel of daar inligting is waarvan die sekulêre media weet wat vir die teologiese navorsers verborge was? Na bespreking van

[61] Die lys artikels soos dit in die Reformatorisch Dagblad verskyn het:
1: "Kwa Sizabantu Zending getroffen door conflicten" (9 Mrt 2000)
2: "Kwa Sizabantu Duitsland verliest derde deel leiding" (9 Mrt 2000)
3: "De bron was, helaas, niet zuiver" (10 Mrt 2000)
4: "Een boodschap die het leven vult" (22 Mrt 2000)
5: "Voormalige aanhangers zendingswerk sceptisch" (22 Mrt 2000)
6: "Nieuwe reactie van Kwa Sizabantu" (29 Mrt 2000)
7: "Erlo Stegen in de frontlinie" (4 Mei 2000)
8: "De boodschap van een parfumfles" (30 Mei 2000)
9: "Kwa Sizabantu Zending zoekt recht via advocaat" (9 Jun 2000)
10:"De strategie van een kameleon" (29 Jun 2000)
11:"Naaste medewerker Erlo Stegen stapt op" (7 Jul 2000)
12:"Kwa Sizabantu lijkt op sekte" (7 Jul 2000)
13:"Kwa Sizabantu beweegt zich richting sekte" (17 Jul 2000)
14:"Ex-medewerker Stegen licht breuk met KSB toe" (29 Jul 2000)
15:"Oppositie met een huilend hart" (8 Aug 2000)
16:"Kwa Sizabantu verliest steeds meer aanhangers" (10 Aug 2000)
17:"Kwa Sizabantu biedt ruimte voor verzoening" (14 Sep 2000)
18:"Kwa Sizabantu dreigt zichzelf te verwoesten" (26 Sep 2000)
19:"De hoge bergen in het hart" (5 Okt 2000)
20:"Erlo Stegen zou moeten opstappen" (20 Okt 2000)
21:"Ds Bram Krol positief tegenover Kwa Sizabantu Zending" (26 Okt 2000)
22:"Het probleem: massale misinformatie" (27 Okt 2000)
23:"Een schip met steeds meer gaten" (27 Okt 2000)
24:"Medeopsteller van "Dringende oproep" schrijft open brief" (19 Des 2000)
25:"Verontruste ex-KSB'ers openen website" (28 Des 2000)
26:"Kwa Sizabantu past goed in de pinksterbeweging" (1 Mei 2001)
27:"Stegen daagt familie voor de rechter" (12 Mei 2001)
28:"Hoorzitting in KSB-rechtszaak is uitgesteld" (8 Jun 2001)
29:"Leiding verdraait de waarheid en manipuleert mensen" (16 Jul 2001)
30:"KSB haalt bakzeil in rechtszaak" (18 Jul 2001)

die navorsingsbronne tot my beskikking, moet ek bevestigend op daardie vraag antwoord.

Opvallend is dat vanuit die mediaberigte waargeneem kon word dat daar tot aan die begin van 2000 bitter min negatiewe beriggewing rondom KSB was. Die "onbekende dokumente" soos bespreek in 4.2, openbaar egter dat daar reeds voor 2000 spanninge en probleme bestaan het. Die vorige navorsings oor KSB kan dus nie summier afgemaak word as vals of eensydig nie. Ten tye van die publikasies van die navorsings, was daar geen bekende openbare weersprekings nie.

Sedert die laaste navorsing oor KSB (Hugo.1988), het daar dus 'n verandering ingetree. Hierdie verandering is, of in die bestuurstyl van die leierskap, of in die "navolgingskap" van die gemeentelede. Die moontlikheid bestaan dat die bestuurstyl 'n plafon skep wat aanleiding gee tot frustrasie by die lidmate en dat die probleme wat nou so duidelik geopenbaar word, reeds lank in wording is.

Ek sluit af met 'n aanhaling van Peckham (soos verwys na in 4.2.5 "An Assessment of KSB")

> When Claridge broke up, in all that turmoil, Erlo came to see Uncle Ron Peckham and Dad in a house in Pietermaritzburg....Erlo saw the total control which Anton Engelbrecht had over the people....He saw how the marvellous work which the Lord had done in the beginnings of Claridge had been mis-directed and had brought so many people into such bondage and soul-distress...Uncle Ron then warned Erlo strongly and several times in that conversation, that he should not let it happen to him....But I am afraid that it has happened.

# 5 Die Invloed van Bonatuurlike Geestelike Ervarings

## *5.1 Inleiding*

Uit die voorafgaande hoofstukke kon ons duidelik aflei dat daar positiewe en negatiewe beriggewing en opinies rondom KSB bestaan. Soos reeds in Hoofstuk 1 aangedui, wil ek op 'n paar spesifieke aspekte van die bestuurstyl van die leierskap van KSB ingaan. In hierdie hoofstuk gaan dit dan ook spesifiek oor die rol wat bonatuurlike geestelike ervarings binne die besluitnemingsprosesse van die KSB leierskap speel. Hierin sal aangedui word, dat bonatuurlike geestelike ervarings vanaf die begin van die werk van KSB tot nou toe 'n beslissende rol gespeel het. Hierdie "absolute" posisie van bonatuurlike geestelike ervarings was verborge vir vorige ondersoekers gehou of hulle het dit van mindere belang geag.

Ek vermoed dat die beginpunt van die huidige krisisse in die geledere van KSB, lê in die belangrike rol wat bonatuurlike geestelike ervarings in die lewens en optredes van Erlo Stegen en die binnekring van KSB se bestuurstruktuur speel. Ek wil dit beklemtoon dat bonatuurlike geestelike ervarings of charismata *per se,* nie die probleem is nie. Wat wel die probleem veroorsaak is die verkeerde hantering van die charismata of soos ek in hoofstuk 6 sal aandui; die verabsolutering van subjektiewe ervarings wat tot allerlei skeeftrekkings en wan-voorstellings lei. Rondom die skeeftrekkinge van die evangelie-boodskap en bybelse-voorstellings maak Louw (1998) hierdie uiters belangrike stellings:

1: Wanneer negatiewe ervarings of inligting of eensydige oorbeklemtonings die ekwalibrium van die self versteur, volg patologie. (1998:240)

2: Jou Godsbeeld bepaal jou menswees. (1998:193)

3: Demonies godsbeelde lei tot geestelike afval en godsdienstige patologie (1998:172)

Die oorbeklemtoning van die charismata ten koste van die ampte op KSB, het tot gevolg dat by tye, die geheelbeeld van die evangelie-boodskap of selfs die bybelse-openbaring van God, skeef getrek word. Dit het tot gevolg dat allerlei "demoniese" godsbeelde ontstaan het met die gevolglike geestelike patologie. Die rol en posisie van bonatuurlike geestelike ervarings is dus deurslaggewend, nie net op KSB nie, maar ook in alle christelike gemeentes se wel en weë.

## *5.2 KSB se standpunt*

KSB bevestig keer op keer dat bonatuurlik geestelike ervarings geen normatiewe rol speel in hulle bediening nie. Tot en met 1999 kon hulle ook goed daarin slaag om dit weg te steek vir die meeste van die ondersoekers. In die openbaar beveg hulle hand en tand die bewerings van bonatuurlike geestelike ervarings wat die leierskap beinvloed, soos hierdie klompie aanhalings bevestig:

1. Op die 18 Maart 1999 ontvang ek per epos die antwoord van KSB op Dr. Colin Peckham se artikel (*An Assessment of KSB*). Hierin neem KSB duidelik stelling in dat hulle hulself as deel van die Evangeliese Kerke sien en dat hulle nie met die Charismatiese- of Pinksterkerke wil assosieer nie. Onder ander skrywe hulle: "Kwasizabantu Mission has always stood on sound Biblical doctrine. We are Evangelicals who hold the teaching of the Bible as the supreme authority. The great confessions of faith are embraced and no new teaching is added."

2. Op die 11de Maart 2000[62] maak die "leiers van KSB" maak hierdie stelling: "Kwasizabantu Mission is outside of the charismatic fold both doctrinally and in practice. There are no "prophetesses" or anything of a similar nature. No one (including "Hilda Dube") makes prophetic statements for others to act upon."

[62] Ek het dit op die 30ste Maart 2000 afgetrek van die offisiële webwerf van KSB by die adres: http://www.kwasizabantu.com

KSB ontken dus uitdruklik dat die charismatiese gawe van profesie enige noemswaardige rol speel.

3. In Augustus 2000 gaan KSB se leierskap nog verder en spel hulle in duidelike woorde uit wat hulle offisiële standpunt rondom die charismata is.[63]

> The revival was born through the Word of God, and throughout the years all experiences and revelations have been tested by and are subject to the Scriptures. We believe in all the gifts as explained in the Word of God.
>
> We do accept that God can work through special revelation but then it must be within Biblical lines. We test everything that comes through a person, to see whether it is Biblical and whether it comes into fulfilment and reject anything that has spiritist or occult connotations.
>
> Throughout the years many mainline churches, organisations and denominations have made studies of KSB doctrine and they were satisfied that it is Biblical.

Hier kan ook duidelik gesien word watter belangrik premie KSB plaas op die vorige navorsings wat oor KSB gedoen is. Ek vermoed dat KSB doelbewus poog om 'n gesig van orde en weldeurdagtheid voor te hou om sodoende aanvaarding by die evangelies-gesinde kerke te kry. Daar moet onthou word dat groot bydraes vir die werksaamhede van KSB uit Duitsland kom en dat dit van oorwegend Lutherse gemeentes of lidmate verkry word.

4. Tergelyktydig met die verskyning van bogenoemde (nr.3) verklaring, plaas KSB ook hulle geloofsverklaring op hulle webwerf. Dit lui onder andere:

> 1) The Holy Scriptures, both Old and New Testaments, to be the inspired Word of God, without error in the original manuscripts, the complete revelation of His will for our salvation and the Divine and final authority for all Christian faith and life.

> 2) There is one, and only one, true God: Creator and Sustainer of all things, Omnipotent, Omniscient, Omnipresent, Self-existent, Immutable, Spirit, Incomprehensible, Eternal, Sovereign and Master of the universe, infinitely perfect in love, goodness, holiness, and justice.
>
> 3) Within the one Being or essence of God, there eternally exists three distinct yet equal Persons, God the Father, God the Son, and God the Holy Spirit.
>
> 4) In the full Deity and full humanity of Jesus Christ. These two distinct natures, perfect deity and perfect humanity, are inseparably united in the one Person.

Hierdie stellings kan maklik vereenselwig word met die "Drie Formuliere van Eenheid" of die "Ekumensie Belydenisse" (soos in Ons Glo:1982) van die NGK of enige ander gereformeerde of evangeliese belydenis.

5. Laastens moet ek ook verwys na die stellingname van Erlo Stegen in *Natal Witness* soos op die 14de Februarie 2000:

> Kwasizabantu is an evangelical organisation with complete openness to other churches and organisations. There is nothing cultic or sectarian about the mission. Our religious beliefs are contained in the Bible and the classical confessions of the church through history. KSB teaches no new doctrine and does not believe that it alone has exclusive ownership of the truth.

Samevattend is dit duidelik vanuit hierdie 5 aanhalings, dat KSB sigself graag wil groepeer met die erkende evangeliese kerke; dat KSB sigself nie as charismaties of pentakostalisties sien nie en dat hulle baie graag 'n gesig van orde, deurdagtheid en balans voorhou. Baie spesifiek verwerp KSB die bewerings dat bonatuurlike geestelike openbarings 'n deurslaggewende rol speel alhoewel hulle erken dat dit wel bestaan maar dat dit nooit losstaande van die Woord van God funksioneer nie.

---

[63] Ek het dit op die 21ste Augustus 2000 afgetrek van die offisiële webwerf van KSB by die

Weer en weer hoor mens egter van bewerings van die verkeerde gebruik van bonatuurlike geestelike ervarings. Soos reeds in Hoofstuk 2.2 genoem is, het ons in Prakties-Teologiese navorsing ook ten doel om die "geïmpliseerde teologie" te soek en die bestaan daarvan te openbaar. Dit beteken dat daar indringend na hierdie bewerings gekyk moet word om te bepaal of daar wel "geïmpliseerde teologie" geldend is in die bedieningstruktuur van KSB.

## *5.3 Die standpunte van andere*[64]

Kyk ons nou na die "Navorsingsbron" dan kom 'n hele ander prentjie te voorskyn. Hier kan ons sien hoe funksioneer die stelling waarvan Ammerman(1998:31) praat: "Implicit theologies are fragments of theologies that inform the congregation's life but are not acknowledged or overtly expressed." Aan die hand van die krisisse[65] van gemeentelede en medewerkers, sal ek nou poog om te soek na die "geïmpliseerde teologie" rondom die verabsolutering van bonatuurlike geestelike openbarings soos dit geldend is op KSB.

1. Uit die Barney Mabaso krisis verskyn daar 'n verslag van Barney van 'n vergadering waarin Erlo sommige van die medewerkers toespreek. Hiervolgens het Erlo verwys na direkte bonatuurlike leiding in sy hantering van die ontvoering van Thofozi Dube:

> Erlo Stegen opened the meeting in prayer. He then proceeded with his trickery by saying: "As has been agreed upon at our previous meeting, I have now gone and prayed earnestly about what should be done with Thofozi. God spoke to me clearly and I now know what to do about this matter."

---

adres: http://www.kwasizabantu.com

[64] Die navorsingbron is hoofsaaklik die onbekende dokumente van persoonlike aard wat in my besit is. Dit word volledig in Hoofstuk 4 bespreek.

[65] Die gebruik van die woorde "krisis" of "krisisse" is reeds in Hoofstuk 4 verduidelik en hier word die woorde in dier voege gebruik.

Volgens Barney was daar nooit voorheen ooreengekom dat Erlo alleen die "ontvoering saak" van Thofozi Dube sou hanteer nie. Toe Barney Erlo daaroor teregwys antwoord Erlo hom as volg: "Barney, hear me out. More than 30 years ago I prayed to God for revival and He sent His Holy Spirit into our midst. I prayed this revival down."

Hiervolgens is dit duidelik dat Erlo die "uitstorting van die Heilige Gees" sien as die direkte gevolg van sy gebede en dat hy die gevolglike "herlewing" opeis as sy eie. Gevolglik neem hy die reg op om alleen-besluite te neem gegrond op persoonlike geestelike openbarings.

2. In die artikel *Bräutigam – unbekannt*[66] verwys die onbekende skryfster na haar gesprekke met Friedel Stegen waartydens hy haar wou dwing om met 'n totaal onbekende jongman te trou. Die gesprekke het oor 'n tydperk van drie jaar gestrek en selfs teen die einde van die tydperk kon Friedel nie voldoende inligting rondom hierdie jongman verskaf nie.

> Aber für Dich Onkel Friedel, war es selbstverständlich, dass ich einen Mann heirate, von dem Du mir nicht mal seinen Nachnamen nennen konntest. Geschweige denn mir etwas über seine Familie, seinen Beruf, seine Hobbys. 3 Jahre lang konntest zu mir nichts über seinen Nachnamen und Beruf sagen! Obendrein hast Du auch noch versucht, mich zu beeinflussen.

Die enigste sinvolle afleiding wat ek uit die optrede van Friedel Stegen kan maak is dat hy op een of ander onverklaarbare manier tot die oortuiging gekom het dat hierdie man en meisie moes trou. Weens die unieke posisie waarin ek verkeer het as medewerker in die 'binnekring" van KSB, is ek oortuig daarvan dat daar een of ander bonatuurlike openbaring moes gewees het wat aanleiding gegee het vir Friedel Stegen se optrede.

[66] Hierdie artikel van onbekende skrywer het ek op die 20ste Junie 2003 op die webwerf http://www.ksb-alert.com afgetrek.

3. In die Colin Peckham krisis is daar onder andere 'n brief aan sy suster, Mollie Engelebrecht.[67] Hierin verwys Colin Peckham baie duidelik na die spesifieke droom wat waarskynlik verantwoordelik is vir die unieke metode waarvolgens die KSB lidmate in die huwelik tree:

> From several sources I have heard the story of the dream. Apparently a young man told Erlo Stegen about his feelings toward a young girl, and asked him to speak to the girl for him. Erlo advised the girl to pray about it and seek the will of God, which she did. She had a dream. In her dream she found herself standing on one side of a large room with a table in the middle. On the table stood a beautiful vase symbolizing marriage. From a separate door the young man in question entered. He did not look at her but went to the table and dropped something into the vase, after which he turned and walked out. A voice then said to the girl that she should go to the vase and drop what was in her hand into the vase. She looked in her hand and saw a half-crown. Looking into the vase she saw another half-crown, and on dropping her half-crown into the vase the two halves became one crown. She then later went back to Erlo and said that she felt that it was the will of God to marry the man. Instead of an engagement party they had an engagement service at which the couple stood before the congregation with Erlo standing between them signifying that they were not yet one. After this they had nothing to do with one another until the marriage.

4. Colin Peckham verwys ook in die dokument *An Assessment of KSB*[68] na die rol wat bonatuurlike geestelike openbarings in Erlo Stegen se lewe gespeel het:

> I know that in those early days Erlo said that the Zulu woman Mrs. Dube, or Hilda, was God's gift to him as she would go into trances and speak the word of God to him.

---

[67] In my persoonlik besit. Ek hoop om dit voor die einde van 2003 op die webwerf http://www.ksb-alert.com beskikbaar te stel.

> Parents where asked, who said something about the practises in DSS-School in Kaltbrunn/Switserland. They were intimidated: The german pupils, so was the threat of Hans Koller, should be send off the school. One couple was set under pressure two times: once three men came and threaten them, one week later one man came and called them traitors. The couple is still near to a nervous breakdown...Martin was nearer to death than to life for more than half a year! Because he was brutally pained. Friedel played every card, to set him unter pressure because of his children - he said, they were worldly.

---

[99] Ek hoop om dit beskikbaar te stel teen die einde van 2003 op die webblad: http://www.ksb-alert.com.

[100] Hy is redakteur van die Mainzer Allgemeine Zeitung. Sy geskrifte is alles beskikbaar op die webwerf http://www.ksb-alert.com.

Die Gruppe KSB ist klar ausgerichtet auf zwei Führerfiguren: Erlo und Friedel Stegen. Wer einen dieser Herren mit kritischer Distanz betrachtet, also das prüft, was sie sagen oder tun, über den wird der Stab gebrochen - er wird ausgegrenzt, als Gegner Gottes gebrandmarkt und von der KSB-Gemeinde geächtet. Mir selbst - und manchem anderen - ist dies so ergangen. Es ist, zumal in Deutschland, im höchsten Maße besorgniserregend, in welchem Umfang diese zwei Führerfiguren auf ein absolut blindes Gehorsam ihrer Gefolgsleute stoßen. Ich bin nicht Mitglied einer christlichen Gemeinschaft, um mich von autokratischen Führern beherrschen zu lassen.

Sy bewering dat Friedel en Erlo Stegen "blinde gehoorsaamheid" eis, is belangrik gesien in die lig van hierdie ondersoek.

14. Joachim Rosenthal bring in sy dokument[101] oor KSB 'n totaal nuwe insig na vore. Hy verwys onder andere na die sogenaamde "versoeningskonferensie" van Augustus 1977[102] waar Jacques Theron (tans professor aan Unisa) tesame met pastoor Derryck Stone van Kempton Park en ook met Loren Cunningham, Don Stevens, Jim en Joy Dawson (laasgenenoemde vier van YWAM) gedurende 'n weeklange konferensie te Claridge versoening probeer bewerkstellig het tussen werkers wat destyds betrokke was en ander wat die bediening toe alreeds verlaat het.

1977 fand eine Konferenz statt, die eine Versöhnung zwischen dem Werk und ehemaligen Mitarbeitern, die aus Gewissensgründen ausgeschieden waren, bewirken sollte. Loren Cunningham, der weltweite Leiter von 'Jugend mit einer Mission' war der Leiter der Konferenz. Auf dieser Konferenz wurden von Erlo Stegen zugegeben, daß das Reden in Trance (durch Hilda Dube), Visionen und das Sündenbekenntnis vor Menschen überbetont und die Leitung des Werkes zu autoritär gehandhabt wurden. Durch das Reden in Trance wurden

[101] Dit is 'n artikel genaamd "Erlo Stegen und die Erweckung unter den Zulus" wat in April 2000 verskyn het. Dit is steeds beskikbaar op die webwerf: http://www.ksb-alert.com.

[102] Ek het die 4de Mei 1977 op KSB aangekom en het dus die konferensie ook bygewoon. Die openbare belydenis van Erlo Stegen kan ek my baie duidelik herinner.

„Botschaften von Gott" empfangen, die dann wesentlichen Einfluß auf die Leitung des Werkes nahmen. Erlo Stegen zeigte sich tief erschüttert über diese Fehler und bat die Teilnehmer dieser Konferenz um Vergebung. Nur etwa ein halbes Jahr später sagte er in einem Gespräch mit Lothar Buchhorn und Martin Frische, daß er diese Dinge nicht zugab, weil sie zutrafen oder weil er sich schuldig fühlte, sondern 'um den andern alle Waffen aus den Händen zu nehmen' (so Erlo Stegen wörtlich).

Wat 'n uiters hartseer situasie as die leier van KSB openlik erken dat hy die erkentenisse wat hy by die konferensie gemaak het oor misbruik van mag, net vir die skyn gemaak het! Die misbruike van bonatuurlike openbarings en die gevolglike paternalistiese, absolutistiese en/of elitistiese uitsprake en optredes was reeds in 1977 bespreek maar die leierskap van KSB het skynbaar nie besef hoe belangrik dit is nie.

15. In die persoonlike getuienis[103] van Josua Grimm kom baie insiggewende feite na vore. Josua het op KSB groot geword en was ook die hoofseun van die Domino Servite Skool (DSS) op KSB. Hy vertel van persoonlike ervaring hoe die leierskap doelbewus hulle mag misbruik het om die beeld van KSB na buite in ere te hou:

> On one point I was instructed to write that the concept of abusive corporal punishments was utter nonsense. "After all", I was told: "You can write and say that you have never received corporal punishment at DSS." I pointed out to her that in fact I had. "Oh but that was nothing," was the reply. Needless to say (and completely to my shame) I wrote what I had been instructed to write.[104]
>
> How do you explain him telling me that: "NOBODY who has ever left Kwasizabantu has been successful. Trevor would be the first one!"[105]

---

[103] Ek hoop om dit teen die einde van 2003 op die webblad http://www.ksb-alert.com beskikbaar te stel.

[104] Josua verwys hier na Me. Dorothy Newlands wat die skoolhoof van DSS is.

[105] Hier verwys Josua na 'n persoonlik gesprek met Erlo Stegen.

> "There are many churches and many ways out there where you can go to have your ears tickled. If you don't like it here - GO! Go and join them by all means. But realise that though there might be many other ways, there is only one highway."[106]

16. Khulegani Mathe se getuienis[107] bevestig ook die bestaan van allerlei misbuike van mag. Hy vertel met groot hartseer van die treurige gevolge daarvan in sy eie lewe:

> When I joined the mission in 1986, I had left school at standard 7 and desperately wanted to continue. I reported to my boss, Ms Kathrin Schlenker - a German national - that I wanted to continue to study through correspondence. She said she was going to consult with the Mamas and sis Thofozi (Lydia) who formed the core of the leadership, and three weeks later informed me that my request had been turned down. When I enquired as to the reasons, I was told that it was not God's will for me to study, I must concentrate on confessing my sins and getting right with God. I thought this was only happening to me and later discovered that many more had been turned down before me.

17. Soos ek reeds in Hoofstuk 5.3 verwys het, is Kobus du Preez se ervaring baie traumaties.[108] Nadat Kobus probleme met Erlo Stegen se styl van leierskap opgetel het, het hy besluit om sonder verdere stryd te bedank as medewerker en KSB te verlaat. Sy begeerte was om verder in Frankryk te gaan studeer en dan hopenlik 'n bediening van een of ander aard daar te begin.

> When I wanted to leave for France with my family in 1983, Anneli was still prepared to go with me. When Mr Stegen's co-workers heard about it, however, they said (in Anneli's presence) that the whole idea was of the Devil. I clearly remember them describing to me how terribly life was

[106] Dit is 'n aanhaling uit 'n preek van Erlo Stegen.

[107] In my persoonlike besit. Ek hoop om dit teen die einde van 2003 op die webblad http://www.ksb-alert.com beskikbaar te stel.

[108] Dit is steeds beskikbaar op die webwerf http://www.ksb-alert.com.

supposedly treating all those who had left Kwa Sizabantu "the way I was doing it"

Kobus vertel ook verder van 'n baie insiggewende vergadering wat hy en 'n klompie predikante met Erlo Stegen gehad het:

> In spite of the fact that Hannes Trauernicht had arranged and confirmed an appointment by telephone, uncle Erlo told us upon our arrival that there must have been a misunderstanding about the appointment, that the matter was in any case not in his hands, and that he had no time to discuss it with us. We waited until he had finished his programme for the day, but were then told by the co-workers that he was too tired to see us. The next morning we inquired from several people about his whereabouts, but no one knew where he was. At 08:00 on 2 June we left again for Pretoria.

18. Op hierdie punt wil ek ietsie van my eie getuienis[109] ook insluit. (Die "getuienis" is 'n geskrewe dokument wat ek reeds in 1988 begin saamstel het. "Estelle" is natuurlik my vrou en ook die dogter van Friedel Stegen):

> Op een stadium het Estelle gesê sy het iets gedoen omdat sy gedink het dis die Here se wil. Oom Erlo[110] het haar afgesnou met die woorde dat sy ken God nie en van Sy weë weet sy niks af nie. Woedend het hy haar verbied om God in die saak te bring....
>
> Eendag op 'n vergadering in die Mamas se kamer, het Thofozi 'n voorstel ingedien vir die uitvoerende komittee. Ek was benoem as die Visie-President. Die voorstel is sonder teenspraak aangeneem.....[111]
>
> Met die volgende CFT vergadering, opper ek die saak. Thofozi erken dat sy dit gereël het maar vir die volgende 2 ure was ek onder die spervuur van Thofozi,

---

[109] Ek hoop om dit ook as deel van die "unieke dokumente" te plaas op die webwerf: http://www.ksb-alert.com.

[110] Ek los die benaming "oom Erlo" spesifiek so want dis soos dit in my oorspronklike "Getuienis" opgeteken staan. Dit openbaar ook maar dit intense verhouding tussen die medewerkers en leierskap op KSB. Ook moet daar onthou word dat Erlo Stegen my vrou se oom is.

[111] Hierdie insident verwys na die outoritêre manier van die "verkiesing" van die internasionale bestuur van "Christians For Truth" (CFT). Ek was tot Februarie 1994 die visie-president van die organisasie.

Arno en Kjell. Muzi en Dietmar het aanvanklik gepoog om my by te staan. Ek het maar later stil gebly want ek het besef die situasie is nie beredeneerbaar nie.....[112]

Die 7de Mei 1993 was daar 'n Ouervergadering van die skool op KSB. Oom Erlo was baie kwaai en het geskreeu op die ouers en gesê het dat as die ouers nie een is met hom en sy optredes nie, is daar sonde in hulle lewens. Volgens hom was die skool syne en as hulle hom nie wou navolg of gehoorsaam nie, hulle maar hulle kinders moes vat en trap.

19. In Louis Fourie se skrywes[113] rondom sy belewenisse op KSB, berig hy duidelik van die bestaan van misbuike en allerlei hooghartige beskouings van die leierskap van KSB oor hulself:

> It has been preached in a sermon that if people that are part of the KSB-setup but do not live there, do not regularly visit the place, there is something wrong with them, spiritually. This is but an example of a widespread attitude, both at and away from KSB.....Furthermore, something that recently came to the fore again is the treatment of people that have left KSB. A rift with the KSB leadership has been interpreted as a rift with God – "you go against the leadership therefore you have sided with the devil". The logical deduction is that KSB cannot be wrong.

20. Ook Marianne Kaestli bevestig[114] die bestaan van paternalistiese uitsprake en optredes. Soos ek reeds in Hoofstuk 4.2.24 genoem het, was Marianne die eerste medewerker uit Switserland en was sy vir baie jare werksaam by een van die buiteposte van KSB.

> Once a big Indian congregation invited Zarri to give her testimony; they asked me to do the introduction. The Indians invited many Moslems and the church was bursting with people. Afterwards we got a heavy rebuke from the leaders

[112] Hierdie was 'n CFT vergadering. Ek was ook verantwoordelik om die sekuriteit te koördineer by die vergadering en saamtrekke van CFT. Thofozi Dube het sonder my wete, die beplanning van 'n saamtrek in Pietermaritzburg eensydig gaan verander. Toe ek haar daaroor aanspreek, was ek in die moeilikheid want volgens haar respekteer ek nie haar posisie nie!

[113] Ek hoop om dit teen die einde van 2003 te plaas op die webwerf: http://www.ksb-alert.com

[114] Dis steeds beskikbaar op die webwerf http://www.ksb-alert.com.

of KSB for according to them we always ought to ask them first before we could accept an invitation.

21. Wanneer ons by Stanley Seiti se skrywes kom, bring hy 'n nuwe dimensie van misbruike na vore. Volgens hom is daar mense wat teen hulle wil in gedwing was om om in huwelike te tree: I know peopie who were dragged, coerced, manipulated, intimidated and forced into marriages where they remain miserable up this day.[115]

## *6.4 Berigte in die media*[116]

Ons het nou reeds in diepte gekyk na wat daar in ongepubliseerde artikels en skrywes van meer persoonlike aard berig word oor die misbruike van mag deur die leierskap van KSB. Dit is egter nie tot hierdie genre alleen beperk nie want ook in die openbare media is daar verskeie kere berig van paternalistiese, absolutistiese, elitistiese uitsprake en optredes. Om die omvang van die skripsie te beperk, gee ek slegs die naam van die publikasie en die datum van verskyning. Die gedeeltes wat na die opskrif volg, is direkte aanhalings uit die berigte. Ek gee in voetnotas toeligtende inligting. Al die aanhalings verwys na spesifieke gevalle van die misbruike deur die leierskap van KSB.

1. Die Natal Witness van 5 Feb 2000 berig so:

   Spokesman Kjell Olsen said he views the criticism of the mission by Erika Joubert as the result of "some new age movement that was making her turn against the mission and Christianity in general"..Olsen disputed the claim that 50 people have contacted Femina to corroborate Joubert's allegations, and

[115] Ek hoop om dit ook as deel van die "unieke dokumente" te plaas op die webwerf: http://www.ksb-alert.com

[116] Die berigte word alfabeties gerangskik en die datums van publikasies verskaf. Volledige verwysings van uitgewers is in Bibliografie.

believes this is a list of 50 names that Joubert has passed on to the publication.[117]

2. In die Idea – Spektrum van 9 Maart 2000 word hierdie stelling gemaak:

   In einem anderen Fall hatte eine junge Frau aus KSB-Kreisen während eines USA-Aufenthaltes einen frommen Mann kennengelernt, den sie heiraten wollte. Friedel Stegen bekämpfte die Hochzeit. Den Eltern der Braut wurde mit Gemeindeausschluß gedroht, sollten sie zur Trauung nach Amerika fliegen. Nachfragen deutscher Leitungsmitglieder erstickten die Stegen-Brüder im Keim: Kritikern wurde (und wird) vorgeworfen, sich mit ihren Einwänden zum "Handlanger des Teufels" zu machen.[118]

3. Die *Reformatorisch Dagblad* van 10 Maart 2000 vertel ook van die misbruike van KSB:

   Fennis: „De dag nadat ik officieel met KSB gebroken had, werd mijn dochter, die op de zendingspost in Zuid-Afrika verbleef, bij Friedel Stegen geroepen. „Je ouders hebben "de Weg" verlaten", zei hij. Dat wil zeggen, ze wandelen niet meer op het pad dat KSB uitstippelt."[119]

4. Op die 20ste Oktober 2000 berig die *Reformatorisch Dagblad*:

   Als iemand een middel mag zijn voor een opwekking heb ik er begrip voor dat zijn naam in de begintijd vaak wordt genoemd. Maar inmiddels zijn we bijna 35 jaar verder en nog staat de naam van Erlo Stegen centraal. Excuses als ik me vergis, maar het werk lijkt meer een familiebedrijf van de Stegens te worden dan een werk van de Geest." Is KSB geen cultureel kolonialisme?[120]

---

[117] 'n Sprekende voorbeeld van elitisme as Kjell Olsen die integriteit van die oudste dagblad in Suid Afrika sommer so goedmoeds in twyfel trek.

[118] Nog 'n voorbeeld van absolutistiese en paternalistieste misbruike van mag deur die leierskap van KSB.

[119] Dis 'n doelbewuste poging van Friedel Stegen om skeuring tussen ouers en hulle dogter te bewerkstellig – en dit net omdat die egpaar Fennis die gemeente van KSB in Holland verlaat het!

[120] Hierdie is 'n aanhaling van Ds. Bram Krohl wat die Direkteur van Gemeentebou in Holland is.

## 6.5 Samevatting

Volgens die persoonlike korrespondensie en ander ongepubliseerde skrywes in my besit en volgens die media verslae hierbo genoem, kan ons die volgende afleidings maak rondom paternalistiese, absolutistiese en elitistiese uitspake en optredes van die leierskap van KSB:

1: Hulle soek na negatiewe inligting om mense onder dwang te bring of te manipuleer.

2: Hulle maak gebruik van agterbakse optredes om mense se lewens te manipuleer en om druk op hulle te plaas.

3: Hulle beskou dit as hulle reg om hulle humeure te verloor en op mense te skel.

4: Negatiewe inligting oor ander gelowiges, word vrylik bespreek, bepreek en die spot word daarmee gedryf.

5: Negatiewe inligting rondom KSB en veral die leierskap, mag slegs met hulle persoonlik en in privaatheid bespreek word.

6: Niemand kan die besluite, uitsprake en optredes van die leierskap bevraagteken nie. Indien dit wel gebeur, word die persoon onmiddellik beskou as vyandig, ongeestelik of selfs demonies en soms word dit selfs as 'n aanval op God, beskou.

7: Persone wat in onguns by die leierskap is, word geïsoleer en lidmate word aangeraai of beveel om daardie persone te vermy.

8: Mense wat die gedragskodes van KSB oortree het, of wat in een of ander sonde geval het, word soms hartvogtig of selfs hardhandig hanteer. Daar is baie gevalle van psigiese, emosionele en selfs fisiese gewelddadige optredes teen diesulkes.

9: Gewone lidmate word aangeraai om hul eie identiteit te verloor en hulle te berus in die besluite en optredes van die leierskap.

10: Medewerkers wat KSB verlaat het, tree volgens die leierskap sonder God se seëning op en in sommige gevalle word selfs verklaar dat hulle die duiwel gehoorsaam het.

11: Daar word neerhalend verwys na ander genootskappe se leiers, lidmate, leerstelling en optredes. In preke van Erlo Stegen, word "minderwaardige" lidmate aangeraai om hulle by ander kerke te gaan aansluit.
12: Alle besluite word deur die sentrale leierskap persoonlik gehanteer.
13: Hulle beskou die gebeure wat in Januarie 1967 te Mapumulo plaasgevind het, as die "Uitstorting van die Heilige Gees" des nie teen staande die teologiese feit dat daar net een uitstorting van die Heilige Gees was en dit te Pinksterdag in Jerusalem met die geboorte van die kerk. Sodoende word die Heilige Gees geplaas binne die werkplaas van KSB, uitsluitlik of in besonder.
14: Lidmate en medewerkers word aangeraai om onwaarhede te verkondig en trou aan KSB te bly en KSB in 'n goeie lig te stel.
15: Afsprake en ooreenkomstes met ander gelowiges, selfs met kerkleiers, word eenvoudig verbreek, as onbelangrik beskou of geïgnoreer.
16: KSB en die DSS skole, word beskou as die werkplaas van Erlo Stegen persoonlik – iets wat hy begin en wat hy sal volvoer.
17: Lidmate word verbied om te trou met mense van hulle eie keuse en word soms beïnvloed om met 'n ander lewensmaat te kies.
18: Kinders en ouers en self egpare, word negatief teenoor mekaar beïnvloed. Dit lei tot gesinsverbrokkeling en selfs egskeidings.
19: Media verslae en ander openbare dokumente wat negatief berig oor KSB, word afgemaak as leuenagtig, on-ingelig of demonies.
20: Versekerings en bevestigings van waaragtige optredes deur ander kerkleiers of persone van aansien, word afgemaak as niksseggend.

Soos dit blyk bevat die "Navorsingsbron" soveel inligting dat dit te veel is om alles hier op te noem. Ten spyte van KSB se openbare verklarings is dit duidelik van dit wat ons hier onder oë geneem het, dat KSB se leierskap hulle skuldig maak aan paternalistiese, absolutistiese en elitistiese uitspake en optredes.

# 7 Probleme en skeurings

## *7.1 Inleiding*

In hierdie hoofstuk kom ons nou by die laaste gedeelte van die ontleding van die stelling: "Die verabsolutering van bonatuurlike, geestelike openbarings lei tot paternalisitiese, absolutistiese en elitistiese uitspake en optredes wat aanleiding gee tot allerlei probleme en skeuringe" soos daar in Hoofstuk 1 na verwys is. Die bestaan van die *charismata* op KSB is reeds bevestig, asook die bestaan van paternalistiese, absolutistiese en elitistiese uitsprake en optredes. Nou kyk ons of die misbruik van die *charismata* en die paternalisitiese, absolutistiese en elitistise optredes en uitsprake wel tot gevolg het dat daar allerlei probleme en skeuringe ontstaan het. Ek gebruik weereens die "Navorsingsbron" soos bespreek in Hoofstuk 4 en werk min of meer sistematies daardeur.

## *7.2 KSB se standpunt*

Oudergewoonte ontken KSB in die openbaar dat dat enige probleme in hulle midde is soos hulle antwoord aan die Evangeliese Alliansie bevestig:[121]

> We have no conflict or split at Kwasizabantu Mission. Outside arbitration is usually appealed to if there is an internal division in an organisation or church. We have no such division and therefore do not see the need to submit ourselves to a body which has set itself up to arbitrate.
>
> It is made to appear that Kwasizabantu is in the middle of a huge dispute with those who have attacked us and that there are "accusations and counter-accusations, along with renewed accusations and renewed refutations."

[121] Antwoord van KSB aan die verslag van die Evangeliese Alliansie soos dit op 29 Maart 2000 op hulle webwerf http://www.kwasizabantu.com verskyn het.

Alhoewel daar slegs die een openbare verklaring is van KSB rondom interne stryd, probleme of skeuringe, is dit 'n besondere belangrike verklaring. Dis gemaak in antwoord op die skrywes van die Evangeliese Alliansie waarin die Alliansie poog om KSB aan te moedig om die aanklagtes in die media aan te spreek en hulleself te versoen met vorige medewerkers en lidmate. Ten tye van die antwoord van KSB, was die "Barney Mabaso" Krisis reeds in volle swang en is die KSB standpunt hierbo, uiters onverstaanbaar.[122]

## *7.3 Die standpunt van andere soos in die "Navorsingsbron" geopenbaar*

By nadere ondersoek van die literatuur en ander bronne tot my beskikking, kom daar 'n ander prentjie na vore soos die volgende aanhalings bevestig.

1. Met die Barney Mabaso Krisis berig die personeel van die kerkkantoor op Tugela Ferry as volg:[123]

> Since then, European supporters of Stegen, like Hans Kohler and his congregation from Switzerland, immediately stopped their support of the Tugela Ferry Congregation. The leadership of KSB went so far as to initiate legal action against Mabaso and the congregation at Tugela Ferry in order to obtain the property belonging to them. Letters were sent to Europe trying to persuade various supporters there to issue statements to the effect that the money previously given to Mabaso's congregation was actually meant for the work of KSB.

---

[122] Volgens Barney se verslag rondom sy krisis met KSB, was hy reeds die 20ste Maart 2000 op KSB en het persoonlik met Erlo Stegen onderhandel. Daarna het hy met die Mamas gaan praat. Later het Erlo ook bygekom en die gesprek het ontaard in 'n luide argumentering – soveel so dat van die skoolkinders van DS skool my by my huis getelefoneer het en aan my kinders vertel het van die luide argument en dat Barney baie ongelukkig is met die optrede van die leierskap van KSB. Dit gebeur presies 9 dae voor die verklaring aan die Evangeliese Alliansie. Hierdie ontkenning is dus is totale weerspreking van die ware feite.

[123] Die volledige verslag ook die "Barney Mabaso Krisis" was ten tye van hierdie skrywe in Oktober 2003 steeds beskikbaar op die webblad: http://www.ksb-alert.com.

2. Insiggewend is dit dat Erlo Stegen die bestaan van allerlei probleme tog erken, alhoewel dat net in 'n preek:[124]

> Colin Peckham, Erwin Redinger, Jens Nissen have little or no fruit in their lives. Who listens to these people is led by Satan. None of them has fruit in his live..... Some brothers went against Friedel in Germany. Every Dutchman who listens to these people, for him it is better to go away. Friedel has fruit on his labour. These people have no fruit.

3. Connie Spiers vertel in haar artikel[125] van 'n telefoonoproep van die "leier" van die kerk waarin hy allerlei beskuldigings maak teen 'n vorige medewerker, Trevor Dahl. In hierdie gesprek erken die "leier" duidelik die bestaan van probleme en skeuringe:

> We also received a personal phone call from the head of the church who told us that he (Trevor) had left because he had dropped his standard of preaching, that his family were becoming very worldly and were drawing him away from his ministry and his failure as a leader was such that if he had not resigned of his own will, they would have been forced to ask him to leave.

4. Ook in die artikel[126] *Der "andere, klarere, reinere Weg" Kwasizabantus* openbaar die skrywer duidelike tekens van interne spanninge en probleme:

> Diese Fragen, die uns in der Schweiz bewegen, wollen wir Dir Onkel Martin und Euch, die Verantwortlichen der Mission KSB in Deutschland, stellen und

[124] Hierdie is 'n uittreksel van 'n preek van Erlo Stegen soos meer volledig beskywe in die Navorsingsbron. Die preek was na aanleiding van die artikel van Dr. Colin Peckam en die twis wat daar reeds in Duitsland en Holland bestaan het en is gelewer op die 19de Desember 1999 in Holland. Hier verklaar Erlo duidelik van probleme, skeurings en ongelukkigheid in die leierskap en lidmaatskap van sekere gemeentes in Holland en Duitsland. Dis insiggewend dat KSB ongeveer 3 maande later aan die Evangeliese Alliansie verklaar dat daar geen probleme in eie geledere is nie!

[125]Hier verwys Conny na die geskil met Trevor Dahl en dat die leierskap hulle gekontak het en ingelig het van Trevor se ongelukkigheid en sy gevolglike weggaan van KSB. Dis 'n duidelike erkenning van interne probleme. Ek hoop om die volledige artikel teen Desember 2003 te publiseer op die webblad http://www.ksb-alert.com.

[126] 'n Brief van die Switserse leier van KSB aan Martin Rost wat destyds die oorhoofse leier van KSB-Duitsland was maar ook die leier van die Lindach gemeente van KSB was. Hierdie brief verklaar dat van die ander gemeentes hulle "losmaak" van die Lindach gemeente weens die "lae"geestelike standaard van Lindach gemeente. Hierdie artikel het op die 23ste Junie 2000 op die webblad: http://www.ksb-alert.com verskyn.

um klare Stellungnahme bitten. Wir haben uns von Euch getrennt, solange die Betroffenen sich nicht bekehren, umkehren, Buße tun und alles wieder in Ordnung bringen.

5. Erwin Redinger vertel in sy persoonlike getuienis[127] ook van allerlei spanninge en interne probleme:

> One day a team of us went to Kwambonambi to conduct services there. Then Erlo and Hilda secretly organized a workers meeting gathering only the black workers and leaving the white workers out. In the meeting Nathanael asked where the white workers were, and he was told that because they were still children they must be excluded from meetings like this one....Anyway, Nathanael queried this and asked, 'How is it that the whites are regarded as children and yet we allow them to preach and counsel people?' This was the height of insubordination as far as Hilda and Erlo goes that Nathanael should object to the whites being left out. After that he was a marked man. Hilda, Lydia and Erlo would say, 'U nomoya ka Flethi' i.e. he has Freddy's Spirit. Freddy was my fathers nickname.

In Hoofstuk 6.3 verwys ek na die krisis tussen Erlo en sy medewerker Fanuel Nsibande. Hier kry die bestaan van probleme en skeuringe 'n sinistere betekenis as die leierskap die situasie so manupileer dat Fanuel op die ou einde selfmoord pleeg.

6. Jens Nissen was vir geruime tyd 'n leidende persoon in die KSB-leierskap in Europa. Hy skrywe die 22ste Mei 2000 'n brief aan my waarin hy onder ander die volgende verklaar:[128]

> On May 21st KSB Germany had a meeting with Erlo, Friedel, Fano, Alpheus and the leaders from KSB Switzerland and France. After the meeting - it took about 10 hours - the situation was disastrous. It now seems to be clear: the splitting of the german KSB congregation can hardly be stopped.

---

[127] Die persoonlike getuienis van Erwin is steeds beskikbaar op die webwerf: http://www.ksb-alert.com

Later in dieselfde jaar ontvang ek weer 'n brief van Jens. Die hartseer gevolge van KSB se misbruike en verkeerder optredes word hierin baie duidelik bevestig:

> I want to give you some informations about our ex-ksb-meeting in Kirchenkirnberg/Germany. Our meeting took place at 7/8 Oct 2000. On the first day we were about 150, on Sunday we were about 230 people from Germany, Netherlands and Switserland. First we had a service, in saturday afternoon and in the evening we dicussed our ksb-experiences in detail. In times it was a dramatic meeting, many tears were flowing. One could hear and see many broken people. You could see: Young and old people are traumatized, some must have help from a therapist, many still suffer physicly and psychologicly.[129]

Die 21ste Mei 2002 skrywe Jens 'n briefie aan my skoonvader, Friedel Stegen. Hierin verwys hy na 'n oproep van Friedel waartydens Friedel hom die hand van versoening gegee het en 'n oproep op Jens gedoen het om terug te keer tot die gemeentes van KSB. Jens verwys in die briefie na die groot verdeeldheid, spanninge en probleme in die Stegen-familie en vra Friedel om dit eers in orde te bring. Hy skrywe:

> Wir haben ein sehr langes, von großer Traurigkeit durchzogenes Gespräch geführt in dessen Verlauf er mir berichtete, dass er Deinen Bruder Erlo seinerzeit darum gebeten hatte, ihn in Frieden gehen zu lassen. Erlo verneinte mit der Bemerkung: 'There will never be peace' – „da wird niemals Friede sein". Der große Erweckungsprediger Erlo Stegen also sagt seinem eigenen Schwager und langjährigen treuen Mitarbeiter, da werde es niemals Frieden geben, obwohl dieser ihn um Frieden bittet?[130]

---

[128] Ek hoop om die volle geskrifte van Jens teen Desember 2003 beskikbaar te stel op die webwerf: http://www.ksb-alert.com

[129] Ek hoop om ook hierdie brief van Jens teen Desember 2003 beskikbaar te stel op die webwerf: http://www.ksb-alert.com. Dis 'n direkte aanhaling en die spelfoute en vreemde skryfwyse laat ek onveranderd.

7. Lees mens Josua Grimm se getuienis met aandag, dan vind jy ook daarin verwysings na skeurings, spanninge en allerlei probleme. Josua gaan so ver as om te beweer dat Erlo Stegen 'n lys van 45 beskuldigings saamgestel het teen sy vorige medewerker en swaer, Trevor Dahl:

> The combined list of accusations against Pastor Dahl which Pastor Stegen laid before me, comprises about 45 points. For every accusation which I queried, I received a humble, honest and open reply which refuted and exposed the accusations as twisted interpretations at best and blatant lies insofar as some of them are concerned.[131]

8. Kobus du Preez vertel van die groot krisis wat daar tussen hom en die leierskap van KSB ontstaan het. Hy skrywe:[132]

> While I was discussing the issues which concerned Mr Stegen more directly, however, they interrupted me, quoting the Zulu proverb which says: 'We understood the letter while it was still in the envelope'. They told me that it was pointless to carry on with the meeting: I had a different spirit and I was their biggest enemy. It surprised me to hear myself being declared their biggest enemy and I still wanted to ask something, but was told that it served no purpose: that I had to either "repent" or go and find myself another place to work.

Hierdie optrede van die leierskap teenoor Kobus is te meer onverstaanbaar gesien teen die agtergrond van die uitnodiging wat Erlo Stegen aan alle medewerkers gerig het om enige persoonlike verskille met hom persoonlik te kom bespreek. Wat nou volg openbaar 'n dieper dimensie van die probleme op KSB – dit skyn asof die leierskap doelbewus help skep het aan hierdie aantygings:

---

[130] Ek hoop om ook hierdie brief van Jens teen Desember 2003 beskikbaar te stel op die webwerf: http://www.ksb-alert.com.

[131] Ek hoop om dit teen Desember 2003 beskikbaar te stel op die webwerf: http://www.ksb-alert.com.

[132] Kobus se volledige geskrifte het ek die 20ste Augustus 2003 van die webwerf http://www.ksb-alert.com afgetrek.

> Until January 1985 I went through an extremely difficult time. Firstly, Anneli finally and openly refused to join me in France. I will never forget how the one thing that was still sustaining me, humanly speaking - the conviction that she still loved me, in spite of all - gave way like a damwall before a flood of water. At the same time, the people who were closest to me in France were being warned against me by the leadership of Kwa Sizabantu. Some closed their doors to me; one told me to my face that he did not want to have anything to do with me any longer.

9. In my persoonlike krisis met KSB, kom daar ook heel dikwels gevalle van interne skeurings, spanninge en partyskappe na vore. Die volgende aanhalings kom uit my persoonlik getuienis wat ek reeds in 1988 opskrif begin stel het. Ek laat ook hier die spelfoute onveranderd en behou die oorspronlike skryfstyl, miskien toon dit die intensie van emosie en hegte familiebande beter:[133]

> Ons het 'n werkersdiens[134] waar Trevor en die Mamas vertel van hulle besoek aan oom Manfred. Veral Thofozi, Kjell en oom Hino was baie aggressief teenoor Lynn se aanstaande omdat hy lidmaat is van die NGK. Hulle spot openlik met die ander kerke en praat van hulle as 'duisternis'... Die Maandag van 8 November 1993 was oom Erlo terug en is ons saam geroep vir 'n werksdiens. Oom Erlo het gepreek en so gal af gegaan en al my hoop op versoening was vernietig. Daarna moes ons almal duidelik kant kies waar ons staan; by hom of by oom Manfred. Hy sê dat God se Gees almal verlaat wat van KSB weggaan.

Na hierdie gebeurtenis bedank ek as medewerker gedurende Desember 1993 en verlaat KSB die 14de Januarie 1994. Estelle en die kinders bly egter agter op KSB waar Estelle onderwys gee en die kinders almal op skool was. Nadat ek KSB verlaat het, begin Estelle ook ervaar hoedat allerlei spanninge en probleme ontwikkel:

---

[133] Ek hoop om dit teen Desember 2003 op die webwerf http://www.ksb-alert.com te publiseer.

[134] Gedurende Augustus 1993 het Manfred Stegen besluit om sy dogter se verlowing met Dr. John Giessing te laat voort gaan. Die medewerkers was ongelukkig oor hierdie besluit van Manfred en 'n groep van hulle het hom gaan spreek daaroor.

Na 'n paar dae skakel Estelle my, dit was teen die einde van Februarie 1994. Sy was totaal histeries en dring daarop aan dat ek onmiddellik 'n vlug kry terug huistoe. Volgens haar het die medewerkers en familie haar in die "yskas" geplaas want niemand kuier by haar nie en almal behandel haar stief. Sy wou nie meer langer op KSB bly nie en alhoewel ons geen blyplek in die Kaap gehad het nie, wou sy hê dat ons onmiddellik moes trek.

10. Ek sluit hierdie gedeelte af met die getuienis van Louis Fourie. As iemand wat sedert sy kinderdae op KSB gewoon het, skrywe[135] hy met groot insig van die skeuringe, spanninge en hartseer wat daar volg op die verkeerde leerstellings wat op KSB toegepas word:

> A matter not directly concerned with the above quoted excerpt from the confession of faith, but strongly related to the counsellor-doctrine is the following: KSB has, in very subtle ways, undermined the institution of the family, and replaced it by its own hierarchical structures..... By this KSB has subverted the family in many subtle ways. The relationship between husband and wife has been put under serious threat. No longer does the wife confide her troubles to her husband, and confess her shortcomings to him, or ask him about matters of doctrine etc., but she now relies on a counsellor. The same argument pertains to the parent-child relationship. No longer do the daughters rely on their parents for protection and guidance as to possible spouses.

## *7.4 Berigte soos dit in die media verskyn het*

Berigte van probleme, skeuringe en spanninge, het natuurlik ook die verskyning in die openbare media gemaak soos die volgende gevalle bevesting.

---

[135] Ek het die op die 23ste Augustus 2003 van die webwerf http://www.ksb-alert.com afgetrek.

1. In die Duitse media verskyn daar op die 9de Maart 2000 in die *Idea-Spektrum*[136] 'n berig wat eerstens 'n kort samevatting van die lidmaatskap getalle van KSB bevat maar dat berig van grootskaalse ongelukkigheid in die geledere van die KSB lidmate:

> Das südafrikanische Missionswerk Kwa Sizabantu mit seinen weltweit 40.000 Anhängern - darunter 1.000 in Deutschland und 600 in der Schweiz - gerät ins Zwielicht. Ehemalige Leitungsmitglieder der südafrikanischen und der deutschen Sektion haben der Organisation den Rücken gekehrt und warnen inzwischen öffentlich vor dem Werk, für das sie lange Jahre gearbeitet haben. Die Vorwürfe: Geistlicher Mißbrauch von Mitgliedern, Zerstörung von Familien, Verletzung des Seelsorgegeheimnisses und eine sektenhafte Gesetzlichkeit.

2. In die Engelse artikels in my besit, kon ek twee direkte verwysings na problem en skeuring kry. Beide verskyn in die *Natal Witness.*[137] Op die 5de Februarie 2000 berig hulle as volg:

> .....But now streams of horror stories have emerged from people who claim they were abused at the mission and who feel that their lives have been destroyed by its tender mercies. Women and men who grew up at the mission tell of routine beatings and personal humiliation. There is one uncorroborated accusation of sodomy of a young boy against one prominent individual at the mission. All who have been prepared to come forward with their tales are fearful, most so much so that they don't want to be named, for their own sake and for that of their families who remain at the mission. A term that often comes up is that they 'escaped' from a place they consider to be rather closer to hell than heaven. One critic, who has held a leadership position within the mission, but who was not personally abused, accuses KwaSizabantu of being a 'sect, which abuses people spiritually, mentally and physically'. Other observers have been more concerned about its dodgy politics. In France, an adviser to the president was under scrutiny for his links with KwaSizabantu which is described without qualification as 'extreme right wing'.

---

[136] Die volledige adres van Idea-Spektrum verskyn in die Bibliografie

[137] Die volledige adres van die Natal Witness verskyn in die Bibliografie

Na hierdie grafiese beskrywing van misbruike en die gevolglike spannings en probleme, berig hulle op die 7de Augustus 2000 die volgende:

> The exodus of worshippers affiliated with the controversial Kranskop Christian mission station kwaSizabantu is growing steadily following the resignation of a key pastor. Barney Mabaso, a leading light who led a branch of the Kwa Sizabantu church in Tugela Ferry, cut ties with the mission last month, taking his 350-strong congregation with him. Now worshippers from other kwaSizabantu branches - concerned with developments at the mission - are jumping ship to follow Mabaso. Mabaso's departure has led to a dispute over property with the leadership of kwaSizabantu and to accusations that mission leader Erlo Stegen has been 'using' black mission members to raise money abroad. Mabaso disassociated himself from the mission because of events there in the past few years, including the alleged staging of the kidnapping of a female leader at Kwa Sizabantu in 1997.

3. Ook in die Nederlandse media word daar berig van allerlei probleme en skeurings in KSB geledere. Die *Reformatorisch Dagblad*[138] van 9 Junie 2000 berig selfs van 'n advokaat wat KSB aangestel het om die spanninge en probleme te help beveg[139]:

> Het bestuur van Kwa Sizabantu Zending (KSB) Nederland heeft via advocaat mr. W. J. E. Hendriks te Arnhem tot twee maal toe recht gezocht tegenover een ex-KSB'er. In een brief liet de advocaat onlangs zelfs doorschemeren dat de kans bestaat dat hij zijn cliënt, de KSB, zal adviseren A. B. van den Bosch te Nieuwediep 'in rechte te betrekken. Aanleiding voor de brief is dat Van den Bosch tijdens een spreekbeurt van Erlo Stegen, op 3 mei in Giessenburg, een folder uitdeelde waarin gesteld wordt dat KSB mensen 'onder de wet plaatst'. Volgens Hendriks is met de folder de grens van 'het betamelijke' overschreden. Vooral het verwijt dat KSB afgoderij is, omdat het een systeem

---

[138] Die volledige adres van die Reformatorisch Dagblad verskyn in die Bibliografie

[139] Ek gebruik doelbewus die woord "beveg" hier want die advokaat tree nie as onpartydige "vrederegter" op nie maar as kampvegter vir die KSB saak. So kom dit duidelik tevore in die geskrifte van AB van den Bosch wat deel uitmaak van die "Holland Krisis" soos bespreek in Hoofstuk 4.2.15.

van zonden belijden in plaats stelt van Christus' offer, viel verkeerd hij het bestuur van KSB.

Dieselfde tydskrif berig op die 27ste Okt 2000 van groot spanninge en skeurings in die geledere van die KSB gemeentes in Europa. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat daar baie "gate in die romp" van die KSB "boot" is en dat "boot" besig is om onder te gaan:

> Een lange reeks ervaringen is er gedeeld, in de Duitse stad Limburg ten huize van Karl Heinz Wicker. De ontmoeting van voormalige KSB'ers die er onlangs werd gehouden, roept veel en soms pijnlijke herinneringen op. In totaal heeft het gezelschap vele tientallen jaren in Erlo Stegen en zijn zendingswerk geloofd. Maar allen kwamen tot de conclusie dat schone schijn hen bedrogen heeft.

Die 16de en die 18de Julie 2001 verskyn daar weer twee lang artikels en hierdie keer word die hofsaak tussen KSB en vyf voormalige lidmate bespreek. KSB het hierdie vyf persone voor die Hooggeregshof in Pietermaritzburg gedaag weens beweerde naamskending. Die vyf beskuldigdes sluit onder andere Bodo Stegen (Erlo se ouer broer) en Trevor Dahl (Erlo se swaer) in. Die *Reformatorisch Dagblad* van 16 Julie 2001 berig:

> De KSB-leiding daagde in april vijf voormalige medewerkers, onder wie familieleden van de oprichter van het zendingswerk, Erlo Stegen, voor het hooggerechtshof van KwaZulu-Natal. Ze zouden zich schuldig hebben gemaakt aan het verspreiden van kwade geruchten over het zendingswerk. Het betrof vooral de verhalen die de ronde deden over Dieter Stegen, een neef van Erlo. Hij zou een kind verwekt hebben bij een zoeloevrouw. Ruim een maand later trok KSB de aanklachten tegen vijf voormalige aanhangers in. De leiding voerde als argument aan dat ze 'haar doelen had bereikt', maar negeerde een verzoek om nadere toelichting van deze motivatie.

Op die 18de Julie 2001 berig hulle:

> Bodo Stegen, een broer van Erlo en een van de vijf gedaagden, voelt zich op zijn beurt gegriefd door zowel de rechtszaak als de verklaring van de KSB-advocaat. In een brief van 5 juli aan de KSB-leiding benadrukt Bodo dat hij

'onder ede' heeft verklaard dat hij de beschuldigingen ontkent. 'Tevens heb ik aangegeven dat ik niemand van jullie kwaad wil doen.' Als KSB deze belofte 'misinterpreteert' als een toegeven van schuld, vervolgt Bodo, 'verdraait ze de waarheid en manipuleert ze mensen'.

## *7.5 Samevatting*

Hierdie oorsig van wat reeds berig en geskrywe is rondom die uitspake en optredes van die leierskap van KSB, het die volgende aan ons bevestig:

1: KSB beïnvloed donateurs om nie vorige medewerkers te ondersteun nie.

2: Hulle verklaar lidmate wat aandag gee aan die beskuldigings teen die leierskap, as volgelinge van satan.

3: KSB beïnvloed lidmate negatief teenoor enige vorige lidmate of medewerkers van KSB.

4: Hulle versprei doelbewuste leuens oor vorige medewerkers of lidmate.

5: Hulle moedig gemeentes aan om hulle te skei van ander gemeentes wat nie volgens die "hoë standaard" van KSB lewe nie.

6: Enige medewerker of lidmaat wat die leierskap se optredes bevraagteken, word geïsoleer en eenkant gestoot.

7: Enige persoon wat assosieer met "uitgeworpenes" word geïsoleer en eenkant gestoot.

8: Hulle verklaar mense skuldig voordat hulle die ware feite voor oë gehad het.

9: Hulle aanvaar net hulle kant van 'n geskil as die waarheid en weier om in gesprek te tree met enige "beswaarde" persoon of persone.

10: Families, gesinne en huwelike word doelbewus ondermyn of opgebreek.

11: Kinders word in die geheim sielkundig, emosioneel of selfs liggaamlik gestraf sonder die medewete of goedkeuring van ouers.

12: Hulle weier om te erken dat hulle ook verkeerd kan optree.

13: Hulle weier om in sinvolle "vredes-pogings" betrokke te raak.

14: Hulle doen niks om egskeidingsgedinge te stop nie.

15: KSB misbruik inligting bekom uit sondebelydenisse om mense te manipuleer.

16: KSB se leierskap weier om vrede te maak met eie familielede.

17: Hulle dreig "beswaardes" met hofgedinge.

18: Hulle gaan hofgedinge aan met "beswaardes" in 'n poging om hulleself te regverdig.

19: Hulle ontken hulle eie hartvogtige optredes en die emosionele, sielkundige, fisiese en selfs finansiële gevolge daarvan.

20: Hulle weier om met die groter kerklike gemeenskap in ware ekumeniese gesprekke te tree.

Die Evangeliese Alliansie (23 Junie 2000:5.2) se verslag rondom KSB, som dit baie mooi op so:

> In die lig van die getuienisse moet ons tot die onwillige gevolgtrekking kom dat daar kwetsende optredes, beskouings en leerstellings is wat ernstige pyn en leiding by baie oud-lidmate van KSB veroorsaak het. Met skok moes ons verneem van oordrewe mense-vereerings, hardhandige en ongenadige hanterings, sielkundige manipulasies, vertrouensbreking en ernstige familie- en vriendskap skeurings.

Daar bestaan dus geen twyfel dat die leierskap van KSB se optredes aanleiding gee tot baie probleme, skeurings, hartseer, sielkundige en psigiatriese steurings en selfs gevalle van selfmoord nie. Die getuienisse daarvoor is net te oorweldigend. Die spotnaam wat Heinz Bartels vir KSB gebruik is "Kwa Hlupeka". Dit is miskien nie heeltemal ongegrond nie.[140]

---

[140] Kwa Hlupeka beteken in Zoeloe: "Die plek waar mense swaarkry of ly". Dit word die eerste keer deur Heinz Bartels genoem in 'n openbare verklaring van hom wat die 11de Junie 2001 op die webwerf http://www.ksb-alert.com verskyn het. Heinz Bartels is na-familie van die Stegens en was ook lidmaat van die Claridge gemeente van Anton Engelbrecht. Sy skoonma was die vrou waarmee Engelbrecht in 'n owerspelige verhouding betrokke geraak het.

Dis interressant om daarop te let dat KSB geleë is op die plaas wat eens geregistreerd was onder die naam "Jammerdal" en wat aan die Martens familie behoort het. Op een of ander stadium het die Maharaj-familie van Stanger die plaas bekom. Bodo Stegen het dit weer by

# 8 Bespreking en Samevatting

## *8. 1 Oorsig*

Met die inleiding van hierdie verhandeling, het ek verwys na die verskynsel dat omtrent alle vorige navorsings oor KSB oorweldigend positief was, maar dat daar vanuit die sekulêre media 'n vloedgolf van negatiewe aantygings teenoor KSB gemaak is. Die vraag was dan: "Waarom die groot verskil in beskouings en is daar inligting waarvan die sekulêre media weet wat vir die teologiese navorsers verborge was?" Dit was die probleemstelling van hierdie skrywe.

Om hierdie probleem te probeer beantwoord, was die voorstel dat ons verder moet gaan as net blote kwantitatiewe navorsings rondom KSB. Daar moes gepoog word om 'n verantwoordelike diepte ondersoek na te KSB maak en om van sekere kwalitatiewe metodes gebruik te maak. Daarvoor is "binnekring-kontakte" en 'n unieke navorsingsbron nodig (vgl.Browning.1990:57). My oortuiging kom vanuit die agtergrond dat ek in die bevoorregte posisie staan omdat ek in daardie "binnekring" gelewe en gewerk het en dat ek die "navorsingsbron" besit in die vorm van persoonlike korrespondensies, belydenisse, verklarings, artikels, getuienisse, ens.

Die tafel was dus gedek vir 'n grondige literatuurstudie wat op kwalitatiewe waardes geskoei is. Om sinvol en verantwoordelik te kyk na die

---

hulle gekoop. Op die plaas is daar 'n heuwel waar daar 'n klein plaaswinkel en pos-agentskap gevestig is. Dit het die naam "Kwa Sizabantu" gekry van die omliggende Zoeloe gemeenskappe. Die leierskap het gerieflikheidshalwe KSB vernoem na die poskantoor (Audio Kasset: Herlewing onder die Zoeloes. 1) en die plaasnaam maar links gelaat.

Die huidige eienaar is mnr. K H A. Duvel. Jammerdal is geleë in die groter munisipale distrik van Umvoti in die Kwa-Zulu/Natal. Op 'n plek waar "bonatuurlike tekens en ervarings" so 'n belangrike rol speel, is dit miskien ironies dat dit juis op die geskiedkundige "Jammerdal" gesitueerd moes wees. Miskien sou "Jammerdal" 'n meer gepaste naam wees?

probleemstelling, moes daar gesoek word na die geïmpliseerde teologie wat onbewustelike funksioneer op KSB (vgl.Ammerman.1998:31). Ek sou dus in my ontleding van die data rondom KSB, spesifiek soek na daardie onbewuste maar kragtig-funksionerende teologie om te bepaal of dit nie 'n antwoord op die probleemstelling kon bied nie.

Die stelling van die Evangeliese Alliansie in hulle verslag aangaande KSB (Evangeliese Allianse 2000:4)[141] is volgens my insig deurslaggewend in die verstaan van die probleme op KSB. Daarom het ek die stelling opgebreek in drie opskrifte wat moes dien as riglyne waarvolgens ek die literatuurstudie kon aanpak. Daaropvolgens het ek in Hoofstukke 5,6 en 7 die data in die "navorsingsbron" gegroepeer in die volgende 3 hoofopskrifte nl: "Bonatuurlike geestelike ervarings"; daarna "Paternalistiese, absolutistiese en elitistiese uitsprake en optredes" en laastens "Allerlei probleme en skeuringe." Die data is in alle gevalle kortliks bespreek aan die einde van elke hoofstuk.

## *8.2 Bevindings*

Die volgende bevindings is 'n samevatting van dit wat reeds in Hoofstukke 5-7 bevind en opgesom is. Na deeglike ontleding van KSB se standpunte, maar ook van dié van vorige medewerkers en lidmate, kan die volgende opsomming van die belangrikste bevindings gemaak word:

1: Dat bonatuurlike geestelike ervarings beslissende invloede in die ontstaan van, ontwikkelling van en werkswyses van KSB uitgeoefen het. Hierin speel veral die intieme leierskap-groepie wat die "eerste- en tweede-vlak" bestuur uitmaak, die beslissende rol.[142]

[141] "Weens die sogenaamde ervaring van 'herlewing' wat begin plaasvind het in 1966 reeds, het die leierskap van KSB hierdie subjektiewe ervarings verabsoluteer en Nuwe Testamentiese voorskrifte begin misken. Sodoende het hulle die grense van christelike leierskap en gesag ernstig begin oortree en die bybelse aanbevelings verbreek"

[142] Volgens my eie ervaring, weet ek dat hierdie groepie min of meer beperk is tot Erlo Stegen, Hilda Dube, Thofozi Dube en Josfina Nsibande, die Mamas. ('n Vorige, nou gestorwe, lid van hierdie "uitverkore" groepie was Helen Mzila). Persone wat dikwels betrokke is by hierdie groepie is die twee dogters van Hilda Dube; Lindiwe Sibisi en Sindi

2: Dat die openbare manifesterings van hierdie bonatuurlike geestelike openbarings baie goed beheer en beperk word.[143]

3: Dat KSB se leierskap doelbewus die bestaan daarvan weghou van die gewone lidmate en die leiers in die laer ordes sowel as van besoekers, navorsers en die openbare oog in die algemeen.[144]

4: Dat Erlo Stegen of een of ander woordvoerder gewoonlik afgevaardig word om die bonatuurlike geestelike openbarings sinvol en as "redelik" voor te hou en deur te voer.[145]

---

Kunene. Khuleganie Mathe (2000) is korrek in sy stelling dat die belangrikste leierskapfunksie deur Erlo Stegen en die "Mamas" vervul word.

Die funksionering van bonatuurlike geestelike openbarings binne hierdie groepie, word breedvoerig bespreek in die geskrifte van Erwin Redinger (in Hoofstuk 4.2.11) en daar is ook daarvan verwys in Hoofstuk 5. As die hele gedeelte van Hoofstuk 5.3 sorgvuldig deurgelees sal word, sal die name van Erlo Stegen, die Mamas en veral Thofozi Lydia Dube dikwels opgemerk word.

[143] Erlo en die Mamas het heel dikwels die gawe van glossolalia gebruik wanneer hulle vir siekes gebid het of eksorsisme toegepas het, daarvan is ek persoonlike getuie.

Na 17 jaar op KSB, was ek egter nie eenkeer teenwoordig waar Erlo of die Mamas in die openbaar 'n bonatuurlike geestelike openbaring gehad het nie. Tog was daar dikwels verwysings na bonatuurlike geestelike openbarings en is daar eensydig besluit om sulke openbarings te gehoorsaam en die opdragte deur te voer. Jens Nissen verwys na sy "aanstelling" as uitvoerende beampte van CFT (in Hoofstuk 4.2.17). So ook verwys Stanley Seiti (in Hoofstuk 4.2.26) na mense wat weens een of ander bonatuurlike "insig" moes trou. Ook in my persoonlike getuienis (in Hoofstuk 4.2.22) skrywe ek van my aanstelling as visie-president van CFT. Kobus du Preez vertel in sy getuienis (in Hoofstuk 4.2.21) van 'n diens waar Erlo pertinent verwys na so 'n droom en dan word die droom deur Erlo uitgelê en toegepas.

[144] Hierdie bevinding word geboekstaaf deur KSB se besondere duidelike afwysing daarvan in die openbaar (sien Hoofstuk 5.2). Die drie vorige navorsings rondom KSB, verwys baie terloops daarna. Dit skyn vir my asof na die "versoeningskonferensie" van 1977 (sien Hoofstuk 6.2.14), KSB se leierskap besef het dat hulle met 'n sensitiewe aangeleentheid besig is en dat hulle daarna die bestaan en funskionering van bonatuurlike geestelike openbarings begin verbloem het.

[145]Uit persoonlike ervaring weet ek dat dit so is. Daar is gewoonlik net gesê dat: "Die Here het geopenbaar" en daarna volg die geinterpreteerde weergawe van die openbaring. Die persone wat gewoonlik hierdie woordvoering moes doen was Erlo Stegen self, of die Mamas, of soms Friedel Stegen. My persoonlike ervaring word bevestig deur die artikel Brautigam Onbekannt" (Hoofstuk 4.2.3) waar Friedel Stegen die woordvoerder was, Khulegani Mathe (Hoofstuk 4.2.20) waar Thofozi Dube die woordvoerder was, Kobus du

5: Dat hierdie bonatuurlike geestelike openbarings tot gevolg het dat daar paternalistiese, absolutistiese en elitistiese uitspake gemaak word en so opgetree word.[146]

6: Dat die hoogste leierskap van KSB veral en die hele gemeenskap van KSB in die algemeen, hulle skuldig maak aan afskeiding van die res van "die Liggaam van Christus" en dat hulle hulself sien as "besonderse begenadigdes" of "spesiale uitverkorenes" en ook as "geestelik verhewenes".[147]

7: Dat daar 'n piramidale struktuur bestaan en dat die leierskap verhewe staan bo die normale lidmate. Daar is verskillend-geldende reëls en regulasies vir die normale lidmaat en die hoogste leierskapstruktuur.[148]

8: Dat uitsprake en optredes van die leierskap onbevraagd as korrek aanvaar moet word.[149]

---

Preez (Hoofstuk 4.2.21) waar Erlo Stegen die woordvoerder was en in die Audio kasset opnames (Hoofstuk 4.3.1 en 4.3.5) waar Erlo vertel hoe hy die openbarings moes gaan uitvoer.

[146] Soos bespreek in Hoofstuk 6.

[147]Dit is ook die gevolgtrekking waartoe die Concerned Christians Group (in Hoofstuk 4.2.2), Colin Peckham (in Hoofstuk 4.2.3), Conny Spiers (in Hoofstuk 4.2.6), die artikel Der andere, reinere Weg (in Hoofstuk 4.2.7), die Evangeliese Allianse (in Hoofstuk 4.2.12), Greg Damron (in Hoofstuk 4.2.13), Heinz Bartels (in Hoofstuk 4.2.14), Joachim Rosenthal (in Hoofstuk 4.2.18), Josua Grimm (in Hoofstuk 4.2.19), Kobus du Preez (in Hoofstuk 4.2.21), Louis Fourie (in Hoofstuk 4.2.23) en Stanley Seiti (in Hoofstuk 4.2.26) kom. Die gevolgtrekking word ook gemaak in mediaberigte waarvan *One doesn't have to kill the snake but its venom needs to be milked in Natal Witness* van die 5de Februarie 2000 maar net een voorbeeld is.

[148] Die bestaan van 'n piramidale bestuurstruktuur word in Hoofstuk 9 meer volledig bespreek. Opsommend kan dit net genoem word dat die navorsing van Hugo (1988) en die skrywes van Peckham (in Hoofstuk 4.2.5) en Mathe (in Hoofstuk 4.2.20) eksplisiet daarna verwys.

Dat daar diskriminerend opgetree word in die behandeling van die "mindere" leiers en die gewone lidmate ten voordele van die hoogste bestuurstruktuur word bevestig deur Barney Mabaso (in Hoofstuk 4.2.1), die Concerned Christian Group (in Hoofstuk 4.2.4), Colin Peckham (in Hoofstuk 4.2.5), die "Dieter Stegen Krisis" (in Hoofstuk 4.2.9), Erwin Redinger (in Hoofstuk 4.2.11), die Evangeliese Alliansie se verslag oor KSB (23 Junie 2000), Jens

9: Dat hierdie uitsprake en optredes van die leierskap van KSB aanleiding gee tot allerlei probleme en skeuringe.[150]

10: Dat hulle ongenaakbaar en hardvogtig optree teenoor enigiemand wat met hulle verskil en dat die leierskap ander aanmoedig of selfs aanbeveel, om ook ongenaakbaar en hardvogtig op te tree teenoor enigiemand wat met die leierskap van KSB verskil. [151]

## *8.3 Bespreking*

Alle aanduidings is dat geïmpliseerde teologie (vgl.Ammerman.1998) 'n deurslaggewende rol speel in die probleme wat KSB deesdae ondervind. Hierdie geïmpliseerde teolcgie is nie orals en te alle tye ooreenstemmend nie soos die "navorsingsbron" (Bespreek in Hoofstuk 4) bewys maar dit is nie vreemd nie. Ammerman (1998:31) stel dit so: "They may be only half-formed and only present in certain sectors of congregation. They are frequently at odds

---

Nissen (in Hoofstuk 4.2.17), Khulegani Mathe (in Hoofstuk 4.2.20) en laastens deur Zarri Pauler (in Hoofstuk 4.2.30).

[149] Die absolitistiese en paternalistiese aard van optredes van die leierskap van KSB, word breedvoerig bespreek in Hoofstuk 6. Die volgende persone of artikels bevestig ook die feit dat die leierskap van KSB onbevraagde gehoorsaamheid eis: Barney Mabaso (in Hoofstuk 4.2.1), die artikel Brautigam Unbekannt (in Hoofstuk 4.2.3), Karl-Heinz Wicker (in Hoofstuk 4.2.4), die artikel Eine Kriegserklarung gegen Gott (in Hoofstuk 4.2.10), Erwin Redinger (in Hoofstuk 4.2.11), die Evangeliese Alliansie (in Hoofstuk 4.2.12), die "Holland Krisis" (in Hoofstuk 4.2.15), Horst Koch (in Hoofstuk 4.2.16), Jens Nissen (in Hoofstuk 4.2.17), Josua Grimm (in Hoofstuk 4.2.19), Khulegani Mathe (in Hoofstuk 4.2.20), Kobus du Preez (in Hoofstuk 4.2.21) en Marianne Kaestli (in Hoofstuk 4.2.24).

[150] Dit is volledig bespreek in Hoofstuk 7

[151] Hiervan kan ek self getuig aangesien ek reeds verskeie briewe aan KSB se leierskap geskrywe het en slegs een antwoord terug ontvang het. My volledige korrespondensie met KSB word in Hoofstuk 4.2.22 bespreek. Hierdie hardvogtigheid word ook beskrywe in die skrywes van Barney Mabaso (in Hoofstuk 4.2.1), Conny Spiers (in Hoofstuk 4.2.?/?), die Dieter Stegen saak (in Hoofstuk 4.2.9), die hele Evangeliese Alliansie Krisis (in Hoofstuk 4.2.12), Horst Koch (in Hoofstuk 4.2.16), Josua Grimm (in Hoofstuk 4.2.19), Kobus du Preez (in Hoofstuk 4.2.21), Marianne Kaestli (in Hoofstuk 4.2.24) en Zarri Pauler (in Hoofstuk 4.2.30).

with the explicit, official theology of a congregation and are sometimes harder to name and analyze."

Wat dus wel belangrik is, is die groot breuk wat daar bestaan tussen die geïmpliseerde teologie en die erkende teologie van KSB. Hierdie "breuk" het tot gevolg dat daar onsekerheid is by die gewone lidmaat van watter "teologie" in die betrokke situasie geldend is. Ammerman (1998:37) het bevind dat in so 'n situasie van onsekerheid, die geïmpliseerde teologie gewoonlik die oorhand kry in die optredes en uitsprake van die gewone lidmate. Die gevolg is duidelik: die offisiële uitsprake verklaar een saak maar die optredes van leierskap en lidmate openbaar iets anders rondom die saak. Dit is beslis bevind as funksionerend op KSB.

'n Verdere opvallende bevinding van die ondersoek na KSB, is die geweldige "diepte" en intensie van die ervarings en belewenisse van die mense. Die verslae in die media is nie maar net sensasie-beluste joernaliste wat poog om hulle verkoopsyfers op te stoot nie. Bryman & Burgess (1999:51) noem "diepte" as een van die voorvereistes vir bewese navorsing. Keer op keer is dieselfde aantygings gemaak vanuit bronne wat wyd verspreid oor die aarde woon, wat kultureel uiteenlopend is en wat strek oor 'n tydperk van 30 jaar. Dis opvallend hoe ooreenstemmend bv. die ervarings van Erwin Reginger en Zarri Pauler met mekaar is. Hierdie persone se belewenisse van KSB verskil met ongeveer 20 jaar. Hulle kom uit totaal uiteenlopende agtergronde met verskillende behoeftes en hulle het voorheen geen kontak met mekaar gehad nie, tog stem hulle getuienisse in baie opsigte ooreen.

Marshall & Rossman (1995:148) voel dat hoe meer eksplisiet die data is, hoe meer verantwoordelik behoort dit beskou te word. Die navorsing rondom KSB het bevind en belewe (vgl.Bryman & Burgess.1999) dat hier geweldige intense emosies betrokke is. Mense skryf oor egskeidings, selfmoorde, senu-ineenstortings, familieskeurings, hofgedinge, dreigemente, skinder-veldtogte, finansiële verliese en allerlei steurende en traumatiese belewenisse. Die

getuienisse is oorweldigend, nie net in die hoeveelheid en ooreenstemming met elkander nie, maar ook in die intensie van die belewenisse.

Die probleemstelling soos bespreek hierbo in 8.1, was dat die bonatuurlike geestelike ervarings aanleiding gee tot paternalistiese, absolutistiese, elitistiese uitsprake en optredes en dat die gevolg hiervan allerlei probleme en skeuringe is dus sonder twyfel bevestig. Die stelling van die Evangeliese Alliansie (2000:4) moet as waar en geldend aanvaar word. KSB belewe reuse krisisse maar die oorsake daarvan moet gelê word voor die deure van die leierskap van KSB en dan veral voor dié van Erlo Stegen en die "Mamas".

## *8.4 Samevatting*

In Hoofstuk 1 het ek die vraag gevra:" Wat het verkeerd gegaan"? Die antwoord hierop is redelik duidelik. Weens die intensiteit van die subjektiewe geestelike ervarings, het Erlo Stegen dit verabsoluteer[152] - iets wat totaal natuurlik is en in 'n sekere sin goed is. Ons moet tog dit wat God aan ons openbaar het en wat ons belewe met Hom, ernstig opneem. Sy spesifieke roeping, begenadiging en toerusting moet tog vir enige van ons belangrik en deurslaggewend wees. Maar al hierdie ervaringe, belewenisse, roepinge, begenadiginge en toerustinge, bly steeds persoonlik en dus hoogs subjektief en mag nooit as normatief of meer nog as gelykstaande aan die "absolute" beskou word nie.

Die probleem skyn te wees dat Erlo Stegen hierdie subjektiewe ervarings wat hy en sy hoogste leierskapgroepie belewe het, nie net aanvaar het as subjektief nie, maar hy het toegelaat dat dit normatief word. So is die subjektiewe ervarings onbevraagd aanvaar; aanvanklik net vir die hoogste

---

[152] Met "verabsoluteer" bedoel ek dat Erlo die openbarings as normatief beskou maar meer as normatief self want die skyn asof hy dit gelyk stel aan die goddelike openbaring en dus aan die gesag van die skrif. Hiervan getuig hy self in Audio kasset opnames soos bespreek in Hoofstuk 4.3.1 en 4.3.5.

leierskap-groepie en hulle nabye families maar soos die invloed van KSB uitgebrei het, ook in die lewens van die lidmate en volgelinge wêreldwyd. Die aanvaarding van hierdie ervarings en die reaksie daarop, gee weer op sigself die legimitering van die ervarings en dit lei op die einde tot die verabsolutering van die ervaring.

Bydraende faktore tot die oorbeklemtoning van hierdie ervarings kan wees:

1: Erlo Stegen se gebrekkige akademiese opleiding. Dit moet in ag geneem word dat Erlo slegs Std 7 voltooi het en dat die twee jaar Bybelskool opleiding niks meer as blote elementêre teologiese opleiding kon wees nie.

2: Die feit dat daar geen volwasse kerkraad is wat verantwoordelikheid kan neem nie. Ook al sou daar huidiglik 'n volwaardige kerkraad ingestel word, is daar steeds die gevaar dat hulle meestal bekeerlinge van Erlo self of KSB se bediening is. Hulle sou dus met die "moedersmelk" van subjektiewe ervarings opgevoed wees en dis beswaarlik moontlik dat so 'n kerkraad iets anders as 'n rubberstempel vir Erlo sou wees.

3: Dat daar geen ekumeniese broederkring is waar Erlo eerlik en oop in 'n kritiese interaksie met ander predikers kon tree nie.

4: Dat daar geen bekende teoloog is wat as objektiewe "klankbord" optree waar Erlo sy eie optredes, paradigmas en motiewe kan toets in die lig van objektiewe ortodoksie nie.

Behalwe vir die duidelik beskryfde partyskappe, skeurings, hofsake tussen gelowiges, bedrieëry met geld, skinderveldogte en verdagmaker, is daar die honderde, miskien duisende mense wat se lewens gekwets is deur die optredes van die leierskap van KSB. Volgens Louw (1998:240) is geestelike patologie die gevolg van die verkragting van die gewete en die skeeftrekking

van die evangelie boodskap. Dit is bevestig in die baie persoonlik skrywes en gesprekke met individue wat eens aan KSB verbonde was.

Ons het 'n opdrag om mekaar op te bou en uit te bou in ons "heilige geloof." (Jud 20). Die gevolg van enige herlewing of vernuwing moet wees; trouens die gevolg van enige optredes van die Liggaam van Christus moet wees: die herstel van verskeurde menslike verhoudings, die genesing van persoonlikheidsteurings, die betrokkenheid by die verlore wêreld en die aksentuering van die grootheid van die genadewerk van God (vgl.Pieterse 2001. Lesing 3:9). Louw(1998:286) stel dit so: "Genade lei tot ego-integrasie en ego-sterkte. Dit internaliseer Goddelike waardes en verander so die rigting en prioriteite van die ego. Dit bevry die ego van Egoïsme en gee dit 'n nuwe dimensie van sensitiwiteit."

Hierin faal KSB kennelik en die gevolge is hartverskeurend.

# 9 'n Basisteorie vir KSB?

## *9.1 Die situasie*

Een van die opvallende kenmerke van KSB is dat daar 'n onverkose hiërargiese struktuur van kerkleiding bestaan. Verder is dat daar geen erkende ouderlinge of diakens is nie. Hierdie waarneming is reeds in diepte bespreek deur Oosthuizen (1985:50 – 52); Du Toit (1986:79 – 80) en Hugo (1988:27 – 31). Hugo poog om in 'n lang relaas dit te verduidelik en af te maak as iets wat noodsaaklik is siende die unieke situasie van KSB. Rondom die hiërargiese struktuur het Hugo (1988:25 – 26) die volgende te sê:

> Erlo Stegen is baie duidelik die leier van die werk. Dan is daar 'n klein groepie wat die "kerkraad" of 'n komittee vorm, bestaande uit 5 persone. Dit is hoofsaaklik die ouer werkers wat van die begin van die herlewing en vroeër al deel van die werk was....Daar is geen amptelike bevestiging van ampsdraers nie, maar volgens die Nuwe Testamentiese beginsel, word persone wat die gawes van die Heilige Gees het, wel die geleentheid gegee om as voorgangers te dien.....Daar bestaan geen permanente hiërargiese struktuur nie. Vanuit die bedieninge van verskillende persone, het hierdie struktuur spontaan ontwikkel.

In 'n ope brief in *Natal Witness* (17 Feb 2000) lig Khulegani Mathe die bestuurstruktuur so toe:

> At the very top of this institution is the founder and leader Rev. Erlo Stegen himself. Immediately under him is a committee of 3 elders which consists of Mrs. Josephine Nsibande, Mrs. Hilda Dube, and her daughter Mrs. Lydia Dube who were primarily - though not exclusively - responsible for the black Christian community at the mission. Alongside, this committee of elders was an ad hoc committee of elders who were primarily - though not exclusively - responsible for white Christians. Under this committee of elders was a council of co-workers (preachers), which comprised of all the preachers including members of the famous Kwasizabantu choir (no. 1) Thereafter, Kwasizabantu choir no. 2 (to which I belonged at the time of my departure), choir no. 3

(also known as Zilungiselele), choir no. 4 (also known as Thuma Mine), Kwasizabantu Youth Choir (which was made up of present and past pupils of the Domino Servite School).

Hieruit kan duidelik gesien word dat die bestuurstruktuur uit groepe van leiers bestaan wat in amperse konsentriese sirkels funksioneer rondom die sentrale leiersfiguur van Erlo Stegen. Wanneer ons dus na die bestuurstruktuur van KSB kyk, moet ons begin by die bo-punt om vandaar af te "werk" na die "mindere" leiers, tot uiteindelik by die gewone lidmate.

Interessant om daarop te let dat Hugo (1988) en Mathe (2000) ooreenstem in die vorm van die struktuur maar dat hulle verskil in die spesifieke samestelling van die lede van die struktuur. Hugo meen dat die tweede vlak onder Erlo Stegen bestaan uit vyf persone. Mathe weer meen dit is slegs drie person wat daardie posisie vervul en noem dat dit die "Mamas" is.

## *9.2 Die probleem*

Volgens die inleiding hierbo genoem, sien ek twee probleme wat grootliks bydrae tot KSB se huidige probleme.

1: Hugo (1988:26) voel dat die "spontane" struktuur voordelig is vir KSB omdat dit verandering vergemaklik en 'n beter funksionerende leierskapgroep help vorm. Sodoende kan KSB die eise van die tyd beter aanspreek en "elkeen van die lidmate ondervind God se relevante medewerking in elke spesifieke situasie om die behoefte wat bestaan te bevredig" (Hugo 1988:32).
Voeg hierby 'n dinamiese leier en 'n baie effektiewe en direkte kommunikasie met die "adjudante" wat net onder die leier in 'n piramidale sisteem staan en jy kry 'n uiters effektiewe sisteem. Die beskrywings van "dinamies", "veelsydig", "sterk en doelgerigte leierskap" is dan ook die bevindinge waartoe Hugo (1988:72) kom.

Hierteenoor is daar vele akademici vanuit verskillende dissiplines wat anders voel. Daar is te veel om op te noem maar ek verwys net kortliks na vier wat ek op 'n willekeurige basis gekies het:

1.1: Kung (1992:38) skrywe as volg oor 'n "effektiewe" en "dinamiese"(*a la* Hugo.1988) kerk:

> It would be a mistaken view, if promising secular methods were used in the church to tighten up discipline, to clean and oil the functional joints, to centralize administration, to speed up channels of communication along which unified instructions come, to raise the moral and intellectual standard of the clergy and the laity as if they should be more actively employed as active party members or front-line troops in the ecclesiastical offensive.

1.2: Breese (1979:98) waarsku as volg oor 'n onverkose hiërargiese struktuur: "An almost universal characteristic of the cults is the creation of a monolithic, merciless and entangling organizational structure."

1.3: Die sosioloog Saul Levine (in American Psychiatric Association.1989:98) verwys spesifiek na eienskappe van sektes en/of kultusse en stel dit so: "Virtually all groups are rigidly structured, hierarchically and pyramidally. There is a single, overall leader, who is usually imbued by the group with super-human and mystical powers."

1.4: Die offisiële verslag van die Kommissie van Ondersoek oor Sektes soos voorgelê aan Nasionale Vergadering van Frankryk (op 22 Des 1995:19) lui as volg:

> The majority of the sects, continuing in an evolution started long ago, are organized on a pyramidal model guaranteeing the exercise of the capacity to the profit of a person (the guru) and/or of a restricted elite. Like all the pyramidal structures, they rest on a cut between the basic followers and the leaders, moderated by the existence of intermediate levels, of which the number is reduced as one progresses towards the node.

Die oomblik dat ons 'n onverkose hiërargiese bestuurstruktuur vind, bevind ons onsself in die geledere van sektes en kultusse en beweeg ons op dun ys soos die aanhalings hierbo bevestig. Die beste van ons is nie bevoeg om altyd te waak teen die misbruik van mag nie en hoe groter die mag, hoe groter die misbruik en beweeg ons te maklik *Ultra Vires.* Die feit dat hierdie bestuurstruktuur bewese is as uiters effektief en suksesvol in 'n mededingende wêreld, is geen regverdiging daarvoor vir die kerk van Jesus Christus nie soos Kung(1992:38) dan ook so duidelik argumenteer.

2: Hugo (1988:26) voel dat die feit dat daar geen stabiele samestelling van die bestuurslede is nie, 'n aanwins is omdat dit die moontlikheid bied dat: "....volgens die Nuwe Testamentiese beginsel, word persone wat die gawes van die Heilige Gees het, wel die geleentheid gegee om as voorgangers te dien".

Hiermee kan ek gladnie saamstem nie want sodoende is die charismata nie onderhewig aan die ampte nie en het ons dadelik 'n probleem soos die voorbeeld van die vroeë kerk so duidelik spreek. Bavinck (1930:399) bespreek die rol en funksie van die charismata en ampte onderskeidelik en in diepte en sluit af met hierdie stelling: "Die amp onderdruk nie die gawes nie maar begelei dit." Hy kom tot die goed gefundeerde gevolgtrekking dat die charismata los van die ampte tot chaos aanleiding gee en dat die ampte sonder die charismata tot doodsheid lei.[153]

Dit is dus verkeerd om die ampte te sien as iets wat die funksionering van die charismata beperk en strem. Dit is ook verkeerd om te voel dat die weglating van vaste ampte, die effektiwiteit van 'n Christelike groep of kerk gaan bevorder en dit is 'n verkeerde afleiding van Hugo (1988) om te beweer dat dit 'n aanwins is in die bediening van KSB.

[153] Alhoewel hierdie bevinding van Bavinck uiters belangrik is, val die volledige argumentering buite die veld van hierdie verhandeling. Ek aanvaar dus die bevinding van Bavinck en argumenteer op die basis daarvan voort.

Die verskil in Hugo (1988) en Mathe (2000) se verslae rondom die presiese samestelling van die bestuurslede, openbaar net die punt van die ysberg. Niemand op KSB weet presies hoe die bestuurstruktuur saamgestel is nie; hoekom iemand lid van die presiese "sirkel" is nie en vir hoe lank die betrokke persoon lid sal bly nie. Alles en almal is in 'n "vloeibare" situasie en die presiese rang en rol van elke medewerker, word uitsluitlik charismaties bepaal en deur Erlo Stegen en die "Mamas" bevestig. Dit skep 'n onsekerheid en onstabiliteit in die hele proses van leierskap. Leiers maak uitsprake en neem sekere besluite maar binne dae word daardie uitsprake en besluite ongedaan gemaak en die leier word in posisie gedemoveer. Hierdie onstabiliteit sluit self vir Erlo Stegen en die Mamas in soos die voetnota sal verduidelik.[154]

Om een of ander rede het Erlo Stegen besluit om nie 'n stabiele leierskapkorps toe te laat nie. Dit gee aanleiding tot onstabiliteit maar ook tot misbruik van mag wat weer tot gevolg het dat mense onnodig gekwets word en beswaard voel. Daar is geen ge-ordende sisteem wat hulle kan volg om die probleme met hierdie onsekerhede effektief aan te spreek en op te klaar nie en die gevolg is skeurings en afsplitsings.[155]

---

[154]Om die belangrikheid van 'n geordende en stabiele leierskapsisteem te beklemtoon, wil ek graag uit my eie ervaring iets vertel. Ek glo dit sal die hele bespreking soos hierbo help verduidelik. Gedurende September 1991 besluit die Greeff familie om vir die eerste keer 'n familiesaamtrek te hou gedurende die komende Kerstyd. Dit sou plaasvind op die dorpie Strandfontein aan die Weskus. Ek het dadelik vir Erlo Stegen en die Mamas daarvan gaan inlig en dit duidelik aan hulle genoem dat ek onmiddellik as die skole sluit teen die einde van November 1991, sou vertrek op 'n maandlange vakansie. (Dit sou die eerste keer sedert 1976 wees dat ek nie gedurende die Desember vakansie werk nie). Erlo en die Mamas het geen probleem gehad met my voorneme nie en ons het die beplanning daarvan 'n paar keer in die loop van die res van die jaar bespreek. Met die aanbreek van die vakansie, gee Erlo my 'n groot donasie en ons vertrek. Die 16de Desember kry ek 'n oproep van my skoonvader, Friedel Stegen. Hy beveel my om dadelik terug te keer na KSB want "hulle" wil hê dat ek na Europa moes vertrek op die 26ste Desember vir ses weke se dienste. Geen verskoning of argumentering vanaf my kant het enige indruk op hom gemaak nie. Ten einde 'n totale konfrontasie te voorkom, het ek ingewillig en is die hele gesin onmiddellik terug na KSB. Dit was die laaste keer dat die Greeff familie 'n saamtrek kon hou want my ouma en een van my ooms is daarna oorlede.

[155] 'n Sprekende voorbeeld hiervan was die krisis wat daar ontstaan het rondom die verlowing van Manfred Stegen se dogter Lynn, met John Giessing. Na meer as twee jare so gesprekke en onderhandelinge, kon Manfred nie die onstabiliteit van die leierskap se besluitnemings verder hanteer nie en het hy bedank as lidmaat.

## 9.3 Die teorie

Die Evangeliese Alliansie se verslag (2000:4.1) verklaar:

> Weens die sogenaamde ervaring van 'herlewing' wat begin plaasvind het in 1966 reeds, het die leierskap van KSB hierdie subjektiewe ervarings verabsoluteer en Nuwe Testamentiese voorskrifte begin misken. Sodoende het hulle die grense van christelike leierskap en gesag ernstig begin oortree en die bybelse aanbevelings verbreek. KSB funksioneer hopeloos te veel in isolasie en verabsoluteer hulle eie 'openbarings'. Gevolglik is daar 'n misbruik van outoriteit en skep hulle 'n sub-kultuur van vrees, beheersing en manipulasie.

Die bogenoemde aanhaling uit die verslag van die Evangeliese Alliansie, omvat volgens my bevindinge 'n basisteorie van die probleme op KSB. Ek is oortuig daarvan dat die feit dat daar geen verkose leierskapstruktuur is nie en dat die leierskapkorps onbepaald en onstabiel is, alles berus op die oorbeklemtoning van die unieke charismatiese belewinge. Deur die charismatiese belewinge te verabsoluteer en losstaande van die ampte te laat funksioneer, het Erlo Stegen hom en die hele KSB blootgestel aan wanorde en allerlei spanninge.

## 9.4 'n Moontlike oplossing?

Tien jaar gelede het ek bedank as medewerker van KSB. Sedertdien het ek baie nagedink oor die sewentien jare wat ek as medewerker van KSB gewerk het. Ek het ook die unieke navorsingsbronne in my besit weer en weer deurgelees. Die vraag wat maar altyd in my hart opkom is of daar 'n oplossing vir die krisisse van KSB is? Natuurlik kan ek hieroor baie sê maar ek voel dat dit buite die bestek van hierdie skripsie val. Daar kan byvoorbeeld gekyk word na die rol wat "halwe waarhede" of blatante leuens gespeel het in die krisis en onderneem om sulke vergrype in die openbaar te bely en voortaan die volle waarheid te berig, praat en preek.[156] Om egter binne die bestek van hierdie navorsing te bly wil ek net die volgende voorstelle maak:

---

Dieselfde geld in die hele krisis van Barney Mabaso (sien Hoofstuk 4.2.1) In die getuienis van Barney, kom hierdie onstabiliteit baie duidelik na vore.

1: Dat die geheimsinnigheid rondom die bonatuurlike openbarings onmiddellik gestaak word en dat sulke openbarings in die gemeente bekend gemaak word en bespreek word. Hierby behoort minstens alle voltydse medewerkers betrek te word, omdat hierdie openbarings hulle werk en lewens ten nouste raak.

2: Dat daar baie dringend gekyk sal word na 'n meer bybels-verantwoordbare struktuur van kerkleiding en dat alle lidmate aktief daarby betrokke sal wees.

3: Dat daar doelbewus gewerk sal word aan ware ekumeniese interaksies. Hierby behoort alle medewerkers betrokke te wees en dit moet openlik in die gemeentes erken word. Alle afwysings van ander kerklike genootskappe moet onmiddellik gestaak word.

4: Dat alle subjektiewe geestelike ervarings getoets sal word in die lig van die Skrif en die Ortodoksie en ondergeskik gemaak sal word daaraan.

KSB se probleme is 'n sprekende voorbeeld van hoe 'n klein deviasie van die Skrif en Ortodoksie[157], aanleiding kan gee tot 'n reuse krisis wat lidmate se lewens onherroepelik kan beskadig.

Mag God KSB se leierskap, die lidmate, maar ook ons almal genadig wees!

[156]As voorbeeld kan die geval van die ontkenning dat daar lyfstraf op KSB toegedien is deur Kjell Olsen (in Natal Witness van 5 Februarie 2000) genoem word. Weke daarna is daar so amper-amper erken dat daar wel gevalle van lyfstraf was (in KSB se openbare antwoord op die Evangeliese Alliansie se verslag soos gepubliseer op hulle webblad http://www.kwasizabantu.com gedurende Augustus 2000). Kjell Olsen is die "nie-amptelike, amptelike" woordvoerder van KSB maar hy skuld die media en al die "beswaardes" en gekwetstes 'n openhartige en volledige verduideliking van hierdie weerspreking.

[157] Met "Ortodoksie" bedoel ek die tradisioneel aanvaarde leerstellings van die algemene kerk soos verduidelik deur Deist (1984).

## Bibliografie


Ammerman N T, Jackson W C, Carl S D, William M. 1988. *Studying Congregations.* Abingdon Publishing. Nashville.

Bainton R H. 1980. *Here I Stand - A Life of Martin Luther.* Abington. Nashville.

Ballard P. 2001. Contemporary patterns in Anglo-American Protestant Practical Theology. *Practical Theology in South Africa.*

Barker E. 1982. *New religious movements: a perspective for understanding society.* Edwin Mellen Press. New York.

Barth Karl. 1956. *Church Dogmatics. Book 4.* T&T Clark. Edinburgh

Barth Karl. 1956. *Church Dogmatics. Book 5.* T&T Clark. Edinburgh

Bavinck H. 1930. *Gereformeerde Dogmatiek. Boek 4.* Kok Uitgewers. Kampen.

Berkhof H. 1979. *Christian Faith.* Eerdermans Publishing. Grand Rapids

Botha C J S & Dick D B. 1980. Inligtingstuk oor Kwa Sizabantoe. Ongepubliseerde verslag aan die NGK van Natal. Greytown

Breese D. 1979. *Know the marks of Cults.* Victor Books, Wheaton, Illinois.

Brown H. 1984. *Heresies. The image of Christ in the Mirror of Heresy and Orthodoxy from the Apostles to the Present.* Doubleday New York

Browning D S. 1990. "Methods and foundations for pastoral studies in the university" in *Pastoral studies in the university setting: perspectives, methods, and praxis.* University of Ottawa Press. Canada.

Browning D S. 1991. *A fundamental practical theology.* Fortress Press. Minneapolis.

Bryman A. 1999. "The debate about quantitative and qualitative research." *In Qualitative research. Volume I.* Sage Publishing. London

Burger C. 1991. *Praktiese Teologie in Suid Afrika.* Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Privaatsak X41. Pretoria

Calvyn J. 1988. *Institusie van die Christelike Geloof – boek 3.* CJBF Boekefonds. Potchefstroom

Calvyn J. 1988. *Institusie van die Christelike Geloof – boek 4.* CJBF Boekefonds. Potchefstroom.

Cox H. 1995. *Fire from Heaven.* Addison-Wesley Publishing House.

Deist F A. 1984. *Concise Dictionary of Theolgical and related Terms.* Van Schaik. Pretoria

Dingemans G. 1996. Practical theology in the academy: a contemporary overview. *The Journal of Religion* 76(1)

Du Toit J L. 1986. Herlewing te KSB in 'n Sendingsituasie. Ongepubliseerde tesis vir nagraadse diploma aan die Teologiese Seminarium van die Universiteit van Stellenbosch.

Du Toit J L. 1989. *'n Beter Weg.* Nasionale Handelsdrukkery. Parow.

Drie Formuliere van Eenheid. 1982. *Ons Glo.* NGK Uitgewers. Kaapstad.

Engelbrecht A. 1967. *The Lord Took Me.* St Johannes Druckerei. Lahr-Dingelingen.Germany.

Fincke R & Stark R. 1992. *The Churching of America. 1776 – 1990.* Rudgers University Press. New Brunswick.

Idea-Spektrum Pressedienst. Christliches Medianhaus. Steinbühle St 3. Spilburg. Germany.

Haasbroek I J. 1979. Inligtingsbrief aan kerkrade in die RSA, SWA en Rhodesië. Sinodale Sendingkommissie van die NGK in Natal. Pietermaritzburg.

Hugo P F. 1988. Die bedieningstruktuur van KSB. Ongepubliseerde tesis van nagraadse diploma aan die Teologiese Seminarium van die Universiteit van Stellenbosch.

Jonker W. 1998. *Selfs die Kerk kan Verander.* Tafelberg Uitgewers. Kaapstad.

Kitshoff M C & Basson H E. 1985. *As die vuur kom.* Leseratte Publikasies. Mtunzini.

Koch Kurt. 1981. *God among the Zulus.* Ebner Publishers. Ulm. Germany.

Kung Hans. 1992. *The Church.* Burns & Oates. Kent.

Labour Court of South Africa. Durban Case No: D776/98. *Thabsile Nxumalo & 5 others applicants and Mission Kwa Sizabantu – Respondent*

Levine S. 1989. *Cults and New Religious Movements.* American Psychiatric Association Publishers, Washington D.C.

Link H G. 1988. *One God, One Lord, One Spirit.* World Council of Churches. Faith and Order Paper 139. Geneva

Louw D J. 1998. *Pastoraat as Vertolking en Ontmoeting*. Lux Verbi Uitgewers.

Masson J. 1996. *Qualitative Researching*. SAGE Publishing. London

Maddox R L. 1990. *The recovery of theology as a practical discipline*. Theological Studies 51.

Maddox R L. 1991. *Practical theology: a discipline in search of a definition.* Perspectives in Religious studies 18.

Marshall C & Rossman G B. 1995. *Designing Qualitative Research – Second Edition*. Sage Publishing. London.

McGrath A E. 1994. *Spirituality In an Age of Change*. Zondervann. Grand Rapids.

McKim D K. 1988. *Theological Turning Points. - Major Issues in Christian Thought*. John Knox. Press. Atlanta.

Mouton J. 2001. *How to succeed in your Master's & Doctoral Studies.* Van Schaik Publishers. Pretoria.

Müller J. 1981. *Kwa Siza Bantu*. Ongepubliseerde verslag aan NGK Universiteitsoord - verwysing SK 163/81. Pretoria

Nasionale Woordeboek. 1985. Nasou Beperk. Goodwood.

Natal Witness. Langmark Straat 244. Pietermaritzburg 3201. Suid Afrika.

Niesel W. 1956. *The Theology of Calvin.* Baker Books House. Grand Rapids. Michigan.

Nipkow K E. 1993. Empirical research within practical theology: some general considerations in the context of modernity. *Journal of Empirical Theology* 6(1).

Noordmans O. 1979. *Versamelde Werken. Boek 2.* Kok Uitgewers. Kampen.

Oosthuisen G J. 1985. KSB-Sending. 'n Ondersoek na sy ontstaan en funksionering. Ongepubliseerde tesis vir nagraadse diploma aan die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria.

Pagel A. 1867. *Ludwig Harms – Gottes Rufer in der Heide*. Erlangen Verlag. Ev. Lutherische Mission.

Pieterse H J C. 2001. Theological identity of practical theology. Empirical aspects of practical theology. – Lecture 2: Unpublished lecture. June 2001. Perth. Australia.

Pieterse H J C. 2001. Theological identity of practical theology. The object of practical theology. – Lecture 3: Unpublished lecture. June 2001. Perth. Australia.

Reformatorisch Dagblad. 7300 AR. Apeldoorn. Nederland

Report into Cults. 22 December 1995. Recorded with the Presidency of the National Assembly. Tenth Legislature. France.

Rheinpfalz Verlag und Druckerei. Amtsstr 5-11. 67059. Ludwigshafen. Germany.

Sadler T H N. 1979. *Die Kerklike Tughandeling.* NGK Boekhandel. Pretoria.

Skoldberg K. 2000. *Reflexive Methodology.* SAGE Publishing, London.

Studiegids vir Sistematiese Teologie. 1984. *Ekumeniese Teologie.* THB301 – X. UNISA. Pretoria.

Studiegids vir Sistematiese Teologie. 1987. *Pneumatologie – Hedendaagse Temas.* THA302 – U. UNISA. Pretoria.

Studiegids vir Sendingwetenskap. 1992. *Inleiding in die Sendingwetenskap.* MSA100 – 3. UNISA. Pretoria.

*Sunday Times.* Johnnic Publishing House. Rosebank. South Africa

*Sunday Tribune.* Independent Newspapers. 122 St Georges Mall. Cape Town.

Theron F P. 1978. *Die Ekklesia as Kosmies-Eskatologiese Teken.* NGK Boekhandel. Pretoria.

Van de Beek A. 2000. *Gespannen Liefde.* Kok Uitgewerij. Kampen.

Van de Beek A. 1998. *Jezus Kurios. De Christologie as hart van de theologie.* Kok Uitgeverij. Kampen.

Van Rooy J A. Die ingang van die Herlewing te Kwa Sizabantu in die lewe van die Zoeloevolk. Ongepubliseerde pamflet wat die outeur self versprei het. Datum onbekend.

Wells D F. 1993. *No place for Truth or Whatever happened to Evangelical Theology?.* Eerdemans Publishing Co. Michigan

Wuthnow R. 1994. *Sharing the Journey.* The Free Press. New York